

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



SEFANJA en HAGGAI

Hulp by die Bybelstudie

Ds. Wouter ten Haaf

Sefanja 1:1,2

Lees:2 Kronieke 34:1,2,19 en 18

Deur volkome vernietiging sal Ek alles van die aardbodem wegvee, sê die HERE.
Ek sal vernietigend wegvee mens en dier.
Ek sal verpletterend wegvee die voëls van die hemelruim en die visse van die see ...

Ons wat iets van die atoomgeweld in Hirosjima gesien het, en die gifgas geweld in Irak en die "godsdienst" geweld in Libanon - ons kan ons iets van hierdie afgryse skouspel indink. 'n Skouspel? Ja maar dan sò dat ons mede-spelers is, of medeslagoffers?

In opdrag van die HERE moes Sefanja hierdie woorde vir die Kerk van sy tyd sê. Vandag geld dit vir u en my in die Kerk waarin die HERE ons geplaas het, in die volk waarin die HERE ons 'n plek gegee het, in die tyd waarin dit die HERE behaag om ons te laat leef.

In ons tyd met geweldige gebeure, 'n tyd van groot dinge wat sowel groot in goed as groot in sleg is - in ons tyd word baie gepraat oor die "einde van die wêreld". O, dan klink dit dikwels ook nog so mooi vroom, maar omdat gewoonlik g'n snars verstaan word van die Bybelse betekenis van daardie vroom - klinkende woorde is daar g'n sprake van vroomheid nie. Daar is baie groepe christene wat geweldig baie praat oor die "Dag van die HERE", maar dan meer oor die "Laaste dae" en in beelde wat die Wederkoms soos 'n piekniek laat klink.

Tog lyk die enigste ooreenkoms die vuur van die braaivleis en die vuur van die Dag van die HERE wat afgryse en afskrikwekkend gaan wees. Maar laat ons maar nie te

veel kyk na daardie groep christene nie - hulle reken ten minste nog met die Wederkoms, iets wat by ons bepaald nie hoog op die agenda staan nie.

Natuurlik is daar gegronde redes vir altwee se houdings. Ons roeping is juis nie van met 'n boekie-in-'n-hoekie te gaan sit en mediteer oor die laaste dae nie. Ons roeping is om tot die eer van God die skepping te beheers en onderwerp maar tog met die oog op die Jongste Dag.

Ons sal in die lig van die Skrif moet uitmaak wat ons lewenshouding moet wees in die lig van die komende einde van alle dinge soos ons dit ken.

Die profeet Sefanja is een van die profete wat nadruklik wys op die Dag van die HERE. Hy blaas op die alarm-trompet en wys ons, soos die ander profete, daarop dat selfs oor die tyd waarin ons leef gepraat kan word as oor die "Dag van die HERE". In die oordeel wat God oor ons land en volkere laat kom in die ekonomiese wurggreep, in die oordele wat oor die Kerk kom met allerlei probleme en doodsheid en agteruitgang in lidmatetal, in die oordele wat ons soms in ons eie lewens beleef - die vraag is egter of ons dit ooit raaksien as oordele, of ons dit ooit sien as Gød se werk in ons lewens. Ag dit is so maklik om dit te plaas op die rekening van politieke faktore, ekonomiese redes, of sommer onverklaarbare oorsake wat "toevallighede" genoem word en daarmee kom ons in die bekende spraakgebruik van die ongeloofstaal wat al in die Kerk ingesluit het.

Ons moet dit raaksien dat die HERE in alles werk, die profete het dit gesien. Hulle het die Dag van die HERE gesien as die Dag van die Wederkoms aan die einde van alle dinge, maar ook die tyd waarin hulle geleef het en al die rampe wat dan sou plaasvind is as die Dag van die HERE gesien en die daaropvolgende koms van Christus in Bethlehem en die ondergang van Jerusalem en dan die Wederkoms van Christus. Dit het vir hulle alles op een lyn, op een vlak gelê. Dit was vir hulle soos vir ons as ons op 'n berg staan en teen die horison die blou berge een lyn sien vorm. Ons kan dan nie onderskei watter berge nader en watter verder is nie - dit lê alles min of meer op dieselfde lyn. So is dit met die profesie ook, die profete sien die gebeurtenisse, maar kan nie onderskei tussen die verskillende tydperke nie. Maar in alles is daar die verband van die koms van die HERE na ons.

Die profeet Sefanja het in dieselfde tyd as die profeet Jeremia geleef. Die koning van die Twee-stammeryk Juda was Josia. Die Tien-stammeryk het al nie meer bestaan

nie, sy inwoners was al klaar in ballingskap weggevoer. In die lig daarvan en in die lig van die goeie ekonomiese berigte wat ons uit Sefanja se woorde kan opmaak, het dit in Juda en Jerusalem uiterlik glad nie sleg gegaan nie. Uiterlike voorspoed is egter dikwels die oorsaak van innerlike agteruitgang in die Kerk. Dit is dwarsdeur alle eeue so dat vervolging, die bloed van die martelare die saad vir die Kerk is.

Koning Josia was nog maar net 8 jaar oud toe hy koning geword het en die Skrif leer ons uitdruklik dat daar geen gelowiger koning ooit voor of na hom was nie. Dit is soveel meer opvallend omdat hy aan die bewind gekom het nadat twee geslagte mense in goddeloosheid en afgodery alle bestaande rekords van die oorspronklike heidense inwoners geslaan het. Josia se oupa Manasse het 55 jaar regeer en sy vader 2 jaar lank en die oorheersende daarvan was dat hulle gedoen het wat verkeerd was in die oë van die HERE.

Maar Josia het van 16 jarige leeftyd af as gelowige koning die reformasie begin en deurgevoer met twee grootskaalse reformasies toe hy 20 jaar en 26 jaar oud was. Opvallend is dat hy as 20 jarige koning planmatig met versigtigheid en groot wysheid die hervormingswerk aanpak. Eers hervorm hy die platteland en daarna die stad. Versigtigheid word nou eenmaal nie uitgeskakel deur God se voorsienigheid nie.

Dit is dan die binnelandse omstandighede in die tyd van die profeet Sefanja.

Die profesie word blykbaar uitgespreek tydens die viering van die fees van die oesinsameling.

Soos so dikwels sluit die profesie aan by 'n bepaalde gebeurtenis want die profesie sê dat die HERE ook gaan oes. Hy gaan afsny en bymekaarmaak. Maar dit is dan allesbehalwe 'n rede om oor fees te vier. Die verwoesting wat gaan kom is sò volkome dat enige iets wat al gebeur het in vergelyking daarmee soos kinderspeletjies lyk. Die sondvloed was onvoorstelbaar erg, maar hierdie uiting van die HERE se woede gaan nog veel erger wees. Met die Sondvloed was daar nog 'n ark waarin agt mense en tallose pare diere gered is. Nou sal niemand en niks die oordeel van God ontkom nie.

Hierdie profesie van Sefanja is verskriklik maar dit is nie die enigste wat God gegee het nie. Ons sien baie duidelik die eenheid van die deur God gegewe profesie want dieselfde hoor ons van Jeremia en Hulda asook by vroëere profete soos Moses, Akia,

Jesaja en baie ander. Die gelowige koning Josia het volgens Deut. 28, 1 Kon. 14:14-16, 2 Kon. 20:16-18 en 2 Kron. 34:22 met groot skok en verslaetheid gehoor wat deur Moses in die boek van die Wet van die HERE geskryf was. Hierdie wetboek was vir jare en jare net eenvoudig weg - dink u dit 'n bietjie in: die Kerk sonder een enkele Bybel, net nog stukkies daaruit wat deur die een en die ander onthou is. Hoe dood moet die Kerk dan raak en watter nadruk sal daar dan op die uiterlike vorms van godsdiens val.

Josia luister met oop gelowige ore na die voorlees van daardie deel uit die Woord van God en kan met sy oë wat deur die Gees so skerp kan sien nou duidelik sien dat die Kerkvolk Juda lankal gruwelik met die Woord van die HERE gebreek het, 'n geweldige skuld op homself gelaai het en nou onder die vloek lê. Hy sien nou baie duidelik wat die oorsaak is van die rampe wat die Kerk-volk teister. Daarom stuur hy 'n afvaardiging na die profetes Hulda om die HERE te vra of Hy die volk genadig sal wees.

Die vraag is of hierdie stokoue geskiedenis nog iets vir ons te sê het of is die dominee nou besig om ou koeie uit die sloot te haal? Tog roep hierdie ou geskiedenis ons tot nugterheid en tot selfbeproeving. Kyk ons wat ons met geregverdigde trots Calviniste noem nog wel soos die kinderlik gelowige Calvyn dit uitgedruk het met die bril van die Bybel na die lewe? Langs ons oop koerant moet die oop Bybel lê, want die koerant vertel ons dat dit wat God in Sy Woord gesê het presies so gebeur en so word ons ook na die toekoms gewys.

Sien ons wel God se werk dwarsdeur die geskiedenis? Goed dit is nie so moeilik nie, want dit raak onself nie so sterk nie. Maar sien ons nog ooit God se Hand in die gebeure van elke dag? In die goeie dinge God se genade? In die rampe en ellendes en siekte en dood die oordeel van God? Ons raak sò slim op baie gebiede, maar bly so blind en dom as dit gaan oor die sien en voel van God se Hand in ons eie lewe. Ag om dit in iemand anders se lewe of in die volkslewe te sien is heelwat makliker...

Ontsettend was die antwoord wat die vrome Josia van God gekry het. 'n Antwoord wat ons hoendervleis laat kry. Ondanks alles: geen genade nie, die oordeel kom onafwendbaar... die maat van God se genadige geduld het reeds lankal oorgeloop... geen verskoning nie... die oordeel van volkome absolute vernietiging van alles wat leef en beef is onafwendbaar!

Plaas uself nou 'n bietjie in Josia se skoene. Hy het die geweldige waagstuk

aangepak om teen die wil van die volk en teen die mag van die Baälpriesters in tog hervormings in kerk en land te doen. 'n Waagstuk want sy vader is deur sy eie manne in sy huis vermoor. Josia het in gehoorsaamheid aan God se Woord die Kerk-huis en volkshuis skoongemaak van die magdom heidense afgodiese gruwels. En nou - nou sê die Here God nie eers iets soos "dankie" nie maar laat hom hoor dat ondanks alles die oordeel in al sy fel verskrikking sal kom.

Dis genoeg om al jou moed in jou skoene te laat sink en tou op te gooi.

So 'n profesie ondermyn alle verwagtings wat aan die werk van 'n reformasie verbind is. Waarom in elk geval nog verder gaan met hervorming as die afgryflikste ondergang onafwendbaar is? Hoe kan die HERE tog derglike dinge sê, reken Hy dan glad nie met die kleinheid van ons kragte nie? Waarom wil Hy stukkend breek wat tog deur Sy Gees in ons opgekom het?

Daarmee staan ons midde in die verskriklike sielestryd in die spaningsvolle krisis wat Josia-hulle moes beleef.

Hulle moes die hervormingswerk verder voer, in geloof verder daarmee werk en daarin volhard en aan die ander kant in geloof aanvaar dat die HERE met Sy oordeel van verwoesting op pad was.

Dan kom dit wat in vers 7 gesê word: Swyg voor die Here HERE. Swyg voor die Almagtige God die troue Verbondsgod! Die stilwees van die geloof: ons verstaan nie, ons kan nie 'n oplossing kry nie maar ons weet dat sowel die roeping tot reformasie as die profesie van die ondergang altwee van die HERE kom. Van Hom in Wie ons glo en van Wie ons bely dat Hy alles weet en alles doen en op pad is na Sy toekoms toe. In daardie geloof wat sy ontsettende spannings ken, hou ons Hom vas as siende die Onsienlike.

Josia bly volhard - watter voorbeeld vir ons wat tog so gou moedeloos word.

Ons weet ook dat Petrus geskryf het dat ook wat ons tyd betref die oordeel van God nêrens anders nie as juis in die Kerk begin. En tog en juis daarom: is en bly ons roeping tot geloof en bekering.

Ons is in die Kerk tẽ geneig om die oordeel van God te versag, om 'n versuikerde pil

daarvan te maak. Maar daardeur laat ons die wonderlike lig van genade en verlossing dof word en verskraal ons die rykdom van die opstanding van Jesus Christus ons Verlosser.

In 'n ekonomiese noodtoestand en in politieke verandering moet ons ook God se Hand sien en dit ook sien as 'n klein proeflopie - 'n voorsmakie - hoe klein ook al - van God se oordeelsvoltrekking.

God roep ons om die oop Bybel langs die nuusberigte te lê. Laat ons God bid vir die verligting en leiding deur Sy Heilige Gees en vir volharding op die pad van geloof en bekering.

Sefanja 1:1-5

U het vandag weer in gehoorsaamheid aan die bevel van u hemelse Koning Sy Woord oopgemaak. Die evangeliewoord- en u weet dat evangelie beteken "Blye Boodskap". Maar as daar behoefte is aan 'n "goeie" of "blye" boodskap dan hou dit ook in dat daar onaangename en verdrietige dinge in die lewe is. Omdat dit onaangenaam is gee ons liewers nie meer as die nodige aandag daaraan nie. En dit gee nou juis die lewensgroot gevaar dat ons die donker en lelike kant van die lewe veels te veel wegskuif en wegsteek en daardeur die Blye van die Blye Boodskap heeltemal onderbeklemtoon. Om die werklike heerlijkheid daarvan te kan verstaan moet ons die afgrysligheid van die teendeel goed ken. Ons is egter ook in die kerk so eg - menslik en dus ook sondig -eensydig en daarom word so dikwels gepraat van "God is liefde"... tog is dit 'n kolossale leuen as daaraan nie verbind word dat God 'n "God - van - verterende wraak" is vir elkeen wat Hom nie liefhet nie. En laat ons nou maar nugter, eerlik en gelowig bly - hoe verkoop jy die los afsonderlike "God - is - liefde" - boodskap aan ouers wat staan-en-kyk hoe hulle enigste kindjie stadig en pynlik wegteer weens kanker? God openbaar Hom in Sy Woord op baie maniere en laat Hom in so baie opsigte leer ken sodat ons nooit net een van sy heerlike of ontsagwekkende eienskappe mag afsonder en dan gaan verabsoluteer nie. Dan maak ons ons geloof nie net armer nie maar dan verkondig ons 'n vertekende beeld van die heilige God en ontheilig ons Hom.

Daar is heel eenvoudig baie dinge en dade van God wat ek as mens nie verstaan nie, maar dit gee my dan nog nie die reg om dit te ontken of te ignoreer nie. In die

teksverse sien ons weer dat koning Josia-hulle opgeroep is om die werk van die hervorming in geloof vas te hou en uit te voer maar aan die ander kant ook in geloof vas te hou dat die HERE Sy vernietigende oordeel oor Juda, die kerkvolk, die kerkstad en kerkland sal laat kom. Daar is geen keer aan nie. En dan kan 'n mens met nog soveel entoesiastiese hallelujageroep kom ens. ens. - dit verander niks aan die feit DAT God se oordeel daar is en daar kom nie én dat ek dit nie verstaan nie, maar net kan stilbly, want altwee kom van die HERE my God: die roeping tot reformasie EN die profesie van die ondergang. Daarom sal altwee reg wees want dit kom van die HERE en daarom mag die gelowige aanvaarding van die een feit die gelowige aanvaarding van die ander feit nie verhinder nie. En ek kan dit doen omdat my geloof per slot van rekening geloof in die HERE is, Hy wat alles weet en alles doen. In daardie geloof wat dan sy ontsaglike spannings ken sal ek die HERE vashou as siende die Onsienlike.

En nou moet u absoluut geen illusies hê van dat dit darem tog nie te moeilik sal wees nie en dat alles op die ou-end tog sal regkom nie. Alles sal NIE regkom in die betekenis wat ons daaraan heg nie. Die HERE het vas besluit oor die oordeel. En dink nou 'n bietjie hoe u u reformasiewerk soos koning Josia sou doen in 'n tyd waarin u die dalende lyn van die geestelike lewe met u vinger kon aanwys en waarin die totale verwoesting van die hele aardoppervlak met insluiting van die kerkstad en kerkvolk Juda en dan ook nog in die Naam van die HERE deur die profeet verkondig is?!

Ek gaan nie nou verder in op die tydsomstandighede van Sefanja se profesie nie, want wat hy geprofeteer het gaan ver oor die grense van Juda se volksbestaan en het betekenis vir vandag.

Ek weet nie wat u van hierdie tyd en van die tyd wat hierna kom verwag nie. Niemand behoort dit ook te waag om 'n profeet te wees nie. Maar ek kan my nie indink dat iemand nie saamstem met die stelling dat ons ook wat christelik Suid-Afrika betref wel al oor die hoogtepunt heen is nie. As ek so kyk en luister na dit wat in die hoogste raadsale van ons land en volk en volkere aangegaan het en aangaan, dan verstom ek my dat God nog so lankmoedig en genadig is. Hoe is en word daar gemors met die begrip christelikheid so lank daar net 'n paar politieke punte gewen word. As ek terugkyk na die barbaarse optrede rondom die sogenaamde inligtingskandaal wat in die 'goeie ou dae' plaasge-vind het en die karaktermoorde wat jaar na jaar plaasvind, maar as politieke dade goedgepraat word en as ek al die jare in poli-tieke partye gesien het hoe die Heilige Naam van my God voor hul-le karretjie gespan is, dan hoor

ek baie duidelik in die teens-woordige krisis 'n doodsprofesie vir die hele wêreld en in beson-der vir my land en volk. Ek hoor die oordeelsklok lui. " Ek gaan 'n einde maak aan alles op aarde", sê die Here. "Ek gaan 'n einde maak aan mens en dier, aan voëls en visse..." Dit is wat die HERE in hierdie dae ook vir ons sê. Hoe lank dit nog sal neem weet niemand nie, maar dit sal gebeur. En nou moet u die moeilikheid om dit te verstaan nie uit die oog verloor nie. Nie een van ons kan dit sonder meer verdra of verwerk nie. Ons vlug altyd weg van hierdie profesie van die totale ondergang. Ons bly hardnekkig probeer om ligpunte te sien en ons hoop op verandering te voed. Natuurlik is dit goed om te bly hoop maar nooit as ons daardeur probeer om die profesie weg te steek nie.

Laat die gelui van die klok goed in u ore klink: hierdie wêreld sal uitgeroei word, u en my werk, ideale , verwagtings, bestaan sal uitgeroei word, u en my volk, geslag, familie sal uitgeroei word. Niks van alles wat my oë sien en hande voel sal bly bestaan nie. Die kerk van... (vul u kerkadres maar in) sal uitgeroei word - en u hoor tog soms in die woorde 'die kerk van' so 'n klank asof die kerk van iets besonder is, iets onuitroeibaars, maar ook die kerk van u sal uitgeroei word, want dit behoort ook by die gedaante van die wêreld wat verbygaan.

Nou weet ek dat u onmiddellik wil sê dat dit nie waar is nie, dat ons weet dat daar iets in ons is wat nie kan ondergaan nie, dat ook ons werk-in-geloof as Kerk van die Here nie verniet is nie, dat ons in die duisternis van die ondergang tog die lig van die opstanding sien. U is reg. Maar u kan daardie opstandingslig nie sien as u nie ook die totale ondergang sien nie.

Ons gryp tog so maklik na die troos van die opstanding en daardeur sit ons dikwels met leë hande. Want om die troos van die opstanding te gryp is om na die wonder van God te gryp, om alleen in die spanning van die geloof na die Here te gryp is geloof wat twee dinge wil vashou en verstaan:

aan die een kant, DAT die Here nou met en in ons is, dat ons altyd die roepingsplig vir hervorming van die hele lewe het en dat daardie werk nie tevergeefs is nie omdat dit in die Here gedoen is

EN aan die ANDER kant dat eendag oor ons en ons hele bestaan die volslae verwoesting van die oordeel sal kom. As ons die laaste wil probeer ontduik kan ons die eerste nie eers SIEN nie.

Goed: iets van wat ons nou is en doen, sal bly en in die nuwe Jerusalem kom
 MAAR dan moet ons goed onthou dat alles wat ewig sal bestaan alleen die werk van

die geloof is,
daardie geloof wat die reg van die oordeel van God volmondig erken,
wat die waarheid erken dat ons beste daede en werke nog so onvolkome is dat dit in
God se oë verwerplik is.

Ons leef uit die geloof dat God dit wat ons gedoen het, hoe verwerplik ook al, tog deur
Christus wil aansien en aanvaar en dwarsdeur die oordeel laat kom omdat dit in die
krag van Christus gedoen is.

En so kyk ons dus van die oordeel onmiddellik na Christus Wie se lewe tog die lewe
van die opstanding uit die dood is. Ons sterf om te leef.

Laat ons die oordeel tog sien!

Laat ons die oordeel sien in alles wat oor ons kom!

Laat die volk waarin die Here u geplaas het die oordeel sien, laat die Kerk vandie
oordeel sien sodat ons alleen in die Here glo, Hy wat ons lewe en werk deur die
oordeel heen red.

Die oordeel wat die Here laat verkondig is selfs erger as die sondvloed - daar was nog
'n ark met 'n familie en tallose diere wat weer kon vermeerder. Nou word alle diere
ook deur die oordeel geraak. Ons leef in 'n tyd waarin natuurbewaring baie sterk in
die nuus is. Opvallend dat al die moderne kommentare wat ek geraadpleeg het die lot
van natuur en diere nie omskryf nie, maar die **vier eeue oue** Calvyn gaan breedvoerig
in op die lyding van dier en plant weens ONS sondeskuld. God doen dit om ons ook
tot nugterheid te roep. As God se toorn so oor die diere kom - diere wat nie gesondig
het nie - hoe sal ons ooit ongestraf bly? Maar hoekom oor diere? Calvyn sê dan dat
ons die oordeel van God met ons verstand verkeerd verstaan en beoordeel; ons moet
beskeie en nugter wees in ons oordeel omdat God se oordeel 'n diep afgrond is en
dan moet ons onthou dat weens ons sondeval die hele skepping onder God se vloek
lê - die Psalms sê tog dat alles ter wille van die mens geskape is. (Ps.8:21)

God staan vyandig teenoor die diere omdat Hy vyandig staan teenoor sy Kerkvolk.
Die wraakuitoefening teen die diere is 'n beeld van die verskriklikheid van die wraak
wat God teen die Jode sal laat losbars - die Jode wat die Kerk van dié tyd was. God
self sê:"Ek gaan My Hand uitsteek teen Juda en teen al die inwoners van Jerusalem".
Dit beteken dat God op 'n buitengewone wyse optree. Hy kom met sy oordeel teen
Juda en Jerusalem.

En nou moet u onthou dat die HERE die 10-stammeryk alreeds in ballingskap laat wegvoer het. Die oorblyfsel dink dat die oordeel nou wonderlik mooi verbygetrek het. Maar dis mos ook niks anders as reg nie, want ... die tempel en die paleis is dan by ONS en die goddeloses by JULLE.

Natuurlik is dit absolute onsin - daar is nie alleen goddeloses in Juda en Jerusalem nie, maar wat nog erger is, daar is ook afvalliges - mense wat hulle rug vir die Here gedraai het. Hulle was deel van die volk wat agter die HERE aangedraf het en het by daardie volk behoort, maar wat omgedraai en weggedraai het. Dit is presies soos met die Gereformeerde Kerk. Ons mag daarvan sê dat sy agter die Here aanloop. Dit is 'n uitspraak in geloof omdat die lewensopenbaring van baie in die kerk so anders is. Mens word soms bang dat baie nie eers meer weet wat dit is om agter die HERE aan te loop die. Hulle meen om in eiegemaakte vroomheid die Here te volg terwyl hulle egter op hulle eie pasklaargemaakte paadjies gaan. Ek is dikwels bevrees dat dit onder ons stoere Gereformeerders baie breër versprei is as wat gedink word. Omdat ons moontlik 'n bietjie breër Bybelkennis as ander het, misbruik ons dit ook soveel makliker om die Bybel so te laat buikspreek dat ons menslike idees daardeur verdedig moet word.

Om agter die Here aan te loop is om te lééf en om te wérk in daardie geloof wat hom aan die HERE oorgee en HOM vertrou vir tyd en ewigheid dus ook vir vandag en ook vir môre. U en ek weet dat glad nie elkeen dit doen wat wel verder met die kerk meeleeft nie. Die vraag is egter of u dit doen - as u dit nie doen nie is die vraag of u nog 'n christen is.

SEFANJA 1 : 4 - 6

Dit wat in ons land en lewe gebeur is dikwels die stof vir ons gesprekke. Dit is ook reg. Die vraag is egter of ons ooit enigsins anders as ander mense daarvoor praat ? Bly ons geloof in die praktyk dikwels nie maar vassteek in 'n paar keer Bybellees en 'n roetiene gebed en die kerk toe gaan nie ?

Ons kan alleen werklik verstaan wat aangaan en selfs verstandig daarvoor praat as ons deur die bril van die Woord na alles kyk. Dan ontvang ons deur die werking van die Heilige Gees die regte perspektief en insig.

Natuurlik bevat die Woord geweldig baie verskillende fasette en het ons as sondige mense die vermoë om van daardie fasette te verduister of te onderbelig. Een faset wat deur ons nie altyd genoeg belig word nie , is dit wat die Bybel ons leer oor die koms van die Dag van die HERE , die Laaste Dag , die Wederkoms van ons Here Jesus Christus. Natuurlik is daar goeie redes vir hierdie onderbektoneering want die sektes het daardie een punt uit ons belydenis totaal uit verband geruk en met allerlei datums begin goël en die werksroeping ondermyn en net eenvoudig 'mal gegaan' met die 'leer oor die laaste dinge' wat by hulle 'n oorspanne praktyk geword het en by ons ... 'n ietwat dorre en verdorde droë leer. Dit bly jammer dat ons in reaksie op die verkeerde uitleg deur geesdrywers verskillende rykdomme van ons geloof so verwaarloos.

Die Woord leer ons die koms van die Oordeelsdag en dan is dit nie net die Dag van Wederkoms nie.

In die eerste verse van Sefanja hoor ons van die verkliklike oordeel wat die HERE oor die aarde , lug en see laat kom maar ook oor die ruïnes , die bouvalle. Met hierdie ruïnes word die bouvalligheid van alle sosiale , maatskaplike en politieke instellings beskryf. Die sondige mens het van die begin af teen die soewereiniteit van die HERE en Regeerder van alles in opstand gekom. Selfs elke instelling wat God gegee het vir die welwese van die mens , soos die huwelik en die owerheid , het die mens deur sy sondige aard verongeluk. So dra elke menslike beskawing as werk van die sondige mens die kiem van agteruitgang en ondergang in homself.

Die profeet praat allereers oor die finale Oordeelsdag op die Dag van die Voleinding maar die ondergang van elke wonderlike vroeëre beskawing of mag soos Egipte , Assirië , Babilon , Griekeland , Rome , Frankryk, Engeland , Duitsland , Rusland ens. - was vir daardie betrokke volk die oordeelsdag van die HERE. Tegelyk is dit 'n waarskuwingssinjaar wat die Jongste Dag voor ons aandag roep - die Dag van die HERE waarop Hy finaal sal oordeel oor alles en die hele skepping.

Om reg te verstaan wat die HERE ons in die tekswoorde sê , moet ons ons die

omstandighede van die Kerkvolk goed indink. Breed gesien was die wêreldsituasie op die eerste oogopslag , verbasend en verrassend goed. Daar was wêreldwyd rus en vrede en gevolglik het die handel geblom sodat die mense 'goed gelewe' het. Nineve was die hoofstad van die Assiriese wêreldryk . Soos so dikwels gee 'n wêreldryk ook op kulturele , godsdienstige en sosiale gebied die toon aan. Weens die intensiewe handel was daar 'n strewe na gelykheid tussen die volke , 'n kosmopolisme en daardeur 'n desintegrasie van die geslote religieus-kulturele gemeenskappe. Iets wat ons vandag in die breë 'globalisering' sou noem. In Juda en Jerusalem is dit verder nog aangehelp deur die feit dat die 10-stamme ryk reeds in ballingskap weggevoer was en dat dit 'n goeie politiek sou wees om maar met die besetter van die land goeie vriende te bly.

Deur Sy profeet laat die HERE nou hoor dat Hy glad nie genoeg neem met 'n menggodsdienste nie. Die HERE gaan baie direk en baie hard optree teen Juda en Jerusalem. Die inwoners dink dat die woede van die HERE hom al klaar botgevier het op hulle bure en broedervolk omdat hulle so sleg en sondig was. Maar God dank het hulle as 2-stammeryk die tempel én die priesters én die paleis én die koning terwyl die goddeloses net by Israel was. God moet maar mooi kyk , daar is dan nie eers meer oorblyfsels van Baäl in die tempel of op die strate te sien nie.!!

Waarmee die Kerkvolk egter geen rekening gehou het nie , is dat God deur Sy Heilige Gees die hart oopvlek. Die oordeel van die HERE is nou ge-adresseer aan die so ge-seënde en uitverkore Juda wat die Verbondsgod en Sy wet verwerp het . Ondanks hulle gespog en misplaatste vertrouwe (Jer 7 : 4 , 10) sal hulle deur die woede van die HERE weggevee word. Want daar was nog altyd verskillende soorte afgodery wat gepleeg is.

Hierdie profesie het volkome in vervulling gegaan. Tydens die 70-jarige ballingskap was Juda 'n verlate woestynggebied en was daar geen Baälsdiens of afgodsknegte of Baälpriesters nie. Na die ballingskap het die naam van die Baälsafgodsknegte - die chemarim - selfs heeltemal verdwyn sodat ons vandag nie eers weet wat die verskil tussen hulle en die Baälpriesters was nie !

Dit is iets geweldigs ! As die Woord van die HERE selfs in so'n klein onbelangrike saak volkome in vervulling gaan , dan sal dit wat die Dag van die HERE betref tog ook letterlik vervul word !

'n Ander soort afgodery was die van die aanbidding en verering van die hemelliggame wat gesien is as 'n leer van astrale magte wat die mens se lot bepaal... Dit was so in daardie 'primitiewe' tyd van 'n 2600 jaar gelede ... dit is so in ons eeu van tegniek en kennisontploffing en wetenskapsverafgoding. 'Wat sê die ster-re?' het die plek ingeneem van die 'wat sê die HERE Here ? ' by ontelbaar baie gedooptes. Al verskil

tussen toe en nou is dat die mense destyds op hulle huise se plat dakke gaan sit het om die sterre te vereer en offers te bring .

God wil dus al die aanhangers van afgode straf maar dit sluit dan ook 'n groot groep kerklidmate in wat by die afgodery ook nog sweer by die HERE. O , hulle ken hulle God en gebruik Hom graag om te dien as waarborg vir hulle woord. Hulle sweer by die HERE én by die koning van die hemelliggame , Hadad.

Die Skrif gebruik die begrip 'sweer ' of 'eed' dikwels vir die hele dien van God. Nou weet en bely ons dat ons 'n eed mag sweer as dit nodig is om God in 'n regverdige saak as Getuie en Regter aan te roep. Ons stel ons dan eerbiedig voor Sy Regterstoel en erken dat Hy 'n Wreker sal wees as ons Sy Naam misbruik. Daarom ook dat ons nooit mag sweer in 'n onbenullige saak nie . Dit bly 'n groot genade dat God ons toelaat om Sy driemaal heilige Naam te gebruik wanneer dit werklik nodig is. Dit is dan ook 'n geweldige misdaad teen God om vals te sweer. Om Hom wat die volmaakte Waarheid is te misbruik om ons valse leuens te dek. Om 'n eed te sweer is om God as die Waarheid alle eer te betoon. Maar om by 'n skepsel , ster of afgod te sweer is om God van Sy eer te beroof. As ek sê ek sweer by ..wat-ook-al .. dan beteken dit dat ek daardie iets as my getuie en dus as my god inroep.

Die oorheersende sonde van die inwoners van Juda en Jerusalem - die kerklidmate !! - was dat hulle God gedien het PLUS... die gode of dinge wat hulle die beste gepas het. Hierdie menggodsdien word sinkretisme genoem en het deur alle eeue op die loer bly lê vir die gelowiges . Die HERE ons God verwerp dit volkome! Ons eeu van ekumene , daardie kerklike eenheidsstrewende waarin eenheid van alle 'kerke' ten koste van alles gesoek word , is dan ook dié eeu van menggodsdien.

Wanneer in die prediking oor 'valse kerke' gepraat word , is daar dikwels kritiek op die sogenaamde 'liefdeloosheid' van die uitspraak . Dit is juis die teenoorgestelde, dit is juis liefdevol want nou word die ander daarop gewys dat hulle in die lig van die Heilige Skrif as enigste maatstaf geen kerke is nie. Hulle het valslik die naam 'kerk' gesteel. Deur eerlik die maatstaf van die Woord van God te gebruik word die valse 'kerk' opgeroep tot bekering en dit is nooit liefdeloos nie. Die maatstawe vir beoordeling van 'n groep wat hulle 'n 'kerk' noem kom net uit die Bybel en is gekondenseer in ons belydenisgeskrifte. Deur dit nie te gebruik nie verswak , ja verwerp ons die Skrif én die belydenis. Dit klink hard om te sê : ' u is as groep of lidmaat van u 'kerk' op die verkeerde pad wat 'n dwaalpad is ' - maar dit is wreed om iemand houtgerus na die verderf te laat gaan sonder om 'n woord te sê . Laat ons ons ook maar bekeer deur die begrippe 'ware en valse kerk' weer werklik toe te pas , gelowig dus = met tonne liefde.

Die ergste is wat die teks vir ons sê oor hulle wat hulle rug op die HERE gedraai het.

Dit is mense wat gelowiges was maar afvallig geword het asook hulle wat die HERE nie soek of raadpleeg nie. En nou moet ons onthou dat dit hier oor kerkmense gaan. Dit word gesê vir mense wat op die tempelplein staan soos vandag vir ons wanneer ons in die samekoms van die gemeente is. Die vraag , die verskoning kom dan so maklik : maar as ons Hom nie sou gesoek het dan sou ons mos nie kerktoe gaan nie of Bybel lees nie ? Maar daar is net een manier om die HERE te soek , dit is om , soos dit in die oorspronklike beteken , oudiënsie by Hom te vra daar waar Hy is . Dit is om Hom te soek in daardie geloof wat Hom volkome vertrou en om nie by eie vroomheidjies te sweer nie.

Om na die HERE te vra is om ons te buig voor Sy Woord waarin Sy wil vir ons gegee word, Sy Woord wat ons alleen deur die geloof kan verstaan.

Om die HERE te soek en na Hom te vra is om die lewende , die standvastige band met Hom te hê, daarvoor moet ons gedurig God vra om dit deur Sy Heilige Gees vir ons te gee.

Dan sal ons ook die krag hê om as navolgers van ons Here Jesus Christus iets van Sy spot en smaad en lyding te kan dra omdat ons teen die gees-van-die-tyd ingaan deur nooit te sê dat dae belangriker as leer (dogma) , dat goeie werke beter as gehoorsaamheid aan die belydenis van die suiwere Woord is nie. Dit is en bly die waaragtige barmhartigheid om die Woord in woorde én dae uit te leef en dit is en bly ontsettende onbarmhartigheid om materiële dinge uit te deel en die siel skade te berokken weens vervalsing van die Woord.

Hierdie leer wen baie moeilik en baie min vriende en beïnvloed min mense ...maar kan ons verwag om 'n veel makliker lewe plus sigbare resultate te hê anders as die profete en die Hoogste Profeet , Priester en Koning Jesus Christus ? Die sigbare resultaat van Sy aardse werk daar aan die voet van die kruis kon 'n mens op jou vingers aftel !

Om op die Oordeelsdag van hierdie lewe oor te gaan na die salige ewige lewe hang nie af van sigbare kerklike getalle-suksesse en publisiteit en toejuiging deur die 'meerderheid' nie maar deur die vlug na die soenbloed van ons enigste Verlosser Jesus Christus.

Soms gebeur dit dat jy 'n teks in die Heilige Skrif lees wat jou onmiddellik op daardie oomblik in besonder aanspreek . So was dit vir my met hierdie vers 7 uit Sefanja se eerste hoofstuk . Ek het dit in die nuwe vertaling gelees ' Wag in stilte op die Here God!' Dit het iets aan my gedoen , my laat dink dat ek geduldig en met eerbied op die Here moet wag totdat Hy my die nodige insig en wysheid en kalmte sal gee wat ek op daardie tyd werklik nodig gehad het. Natuurlik is dit die regte houding vir die eenvoudige gelowige. Net jammer dat dit nou net mooi glad nie is wat die profeet gesê of bedoel het nie. Dit wys ons weer dat dit soveel beter is om meer as een vertaling vergelykend te lees. Dit wys ons ook weer dat dit so belangrik is om die verband waarin 'n teksvers staan altyd in die oog te hou.

In die ou vertaling lees ons dat die profeet **beveel** 'swyg voor die Here HERE !' en dit is totaal iets anders as om in doodrustige stilte geduldig op die HERE te wag. Die teksverband wys ons ook dat die nuwe vertaling nie 'n gelukkige vertaling is nie. Dit gee nie een of ander kettery nie want op ander plekke in die Skrif word dieselfde wel gesê maar juis nie hier nie.

In die vorige verse het die HERE Self gespreek en Sy Goddelike oordeel verkondig. Nou is die profeet aan die woord en beveel hy dat die luisteraars vol heilige ontsag absoluut stil moet bly voor die aangesig van die HERE die wrekende Verbondsgod . Die Naam Here met een hoofletter geskryf wys op Hom as die Heerser , die Almagtige Koning voor wie in eerbiedige onderworpenheid geswyg moet word. Die ongehoorsame volk moet al hulle teëstand in onvoorwaardelike oorgawe laat vaar en in liefdevolle diens hulle aan Hom onderwerp. Die Naam HERE met vier hoofletters wys op die absoluut getroue Verbondsgod wat Sy beloftes hou van geslag tot geslag mits hulle Hom gehoorsaam maar Sy oordeel laat kom oor elkeen wat in opstand is.

Die profeet het gesien dat die volk wel hoor dat die oordeel se voltrekking gaan kom maar dit gaan by die een oor in en die ander oor uit. Hulle steur hulle net nie daaraan nie. Daarom die bevel om stil te bly en hulle aan God te onderwerp. Die teksverband wys ook daarop omdat op die bevel ook die rede vir die bevel volg : 'want' ... die Dag van die HERE is naby ! Goddelose mense dink mos altyd dat alles nie so erg is nie , dat daar later nog altyd kans vir uitstel en later vir afstel is. Maar daar is geen sprake van dat daar nog wel 'n ander dag sal kom nie. Die nabyheid van die oordeelsdag is die sterkste rede vir bekering, omdraai van die pad van afgodery. Dis 'n kwessie van lewe en dood !

Want die HERE het al klaar 'n offermaaltyd voorberei. Hy het Sy 'gaste' al 'geheilig of gewy'. Die HERE praat hier in 'n taal wat die Jode goed geken het. Dit kom uit die voorskrifte vir die tempeloffermaaltye. 'n Rein dier is gebring, die hande is daarop gelê om so hulle skuld op die offerdier oor te dra waarna dit geslag is. Nadat die priester sy

deel ontvang het is tydens 'n blye offermaaltyd die offer saam met familie en genooide vriende ge-eet. (vgl Lev 3 : 13 ; 7 : 11 - 21 ; 2 Kron 35 : 5 - 13 ; 30 : 17e.v. 1 Sam 9 : 13 , 22 Jes 13 : 3 ; Jer 22 : 17)

Wat die HERE hier egter beklemtoon is Sy bevel dat die offerdier volledig ge-eet moet word binne twee dae ; enige vleis wat oorgebly het moet vernietig word Lev 7 ; 15 - 18. Met so'n offer, die slag en vernietiging van die skuldige , het God Sy oordeel van vernietiging van Sy vyande vergelyk vgl Jes 34 : 6 (Edom), Jer 46 : 10 (Egipte) ; Eseg 39 : 17 - 24 (Gog en Magog).

Israel het gesink tot die vlak van die heidene en sal deur God totaal vernietig word . Hy het reeds Sy gaste genooi en gewy om as instrumente van oordeelsvoltrekking te werk vgl. Deut 28 : 49 e.v. ; Jer 1 : 11 - 16 .

Juis deur die noem van die offer word gewys op God se regverdigheid want die offeraar erken met die bring van sy offer God se regverdigheid (Calvyn). Die heidene wat die oordeel in alle wreedheid soos heidene betaam voltrek , doen dit as deur God gewydes , asof hulle priesters van God sou wees omdat die koninklike priesterskap in Jerusalem ontheilig was.

Niemand van die Jode sal die dans kan ontspring nie - en hiermee doen ons nou eintlik dieselfde as hulle wat deur die HERE veroor-deel word , deur 'n woordgebruik te volg wat glad nie 'n plek het in die kerklike spraakgebruik nie. Om die 'dans te ontspring' is 'n uitdrukking wat miskien nie meer so baie gebruik word nie maar wel 'n aanduiding gee van die invloed van die wêreld op al ons doen en late. Dit was in Juda natuurlik dieselfde en die profeet onderstreep dit deur oor die kleredrag van die 'elite' te praat. Geen status of hoë posisie aan die hof of familiebande of 'kon-takte' kan iemand red van die wraak van God nie. Deur hulle uit-heemse klere verrai die staatsamptenare en koninklike familie dat hulle op geldelike en geestelike gebied gebuig het voor die invloed van die heidense buiteland . Dit het selfs so erg geword dat hulle ook allerlei belaglike heidense bygelowe oorgeneem het. As hulle in die tempel kom dan spring hulle selfs oor die drumpel want dit bring ongeluk om daarop te trap. Dié assiries-filistynse gebruik word blykbaar tot vandag toe nog in die Nabye Ooste gevolg. Die drumpel is die sitplek van die demone en mens mag hulle nie beledig deur op hulle koppe te gaan staan nie. Nou weet ek nie of die ou gebruik dat die bruidegom sy bruid oor die huisdrumpel dra tog daarvan afgelei is nie. In ieder geval word die woord vir drumpel in ons teksvers altyd net vir die drumpel van die tempel gebruik en nie vir enige ander gebou nie.

Die kerkvolk se elite volg pynlik getrou die heidense gewoontes -in die wêreld én van die wêreld ! - en is dus baie modern in die wêreld . Maar dit gaan ook nog hand-aan-hand met onreg teen ander wat minderbevoorreg is. Die sentrum van die korrupsie is

die ko-ninklike hof. Dit is natuurlik nie net Sefanja wat dit ondervind het nie , baie profete veroordeel in die Naam van die HERE die wrede onreg wat op die hele sosiale lewe so'n hemelskreiende inbreuk gemaak het. Die uitdrukking 'geweld en bedrog' word keer op keer deur die profete gebruik om te vermaan teen die onreg teen die 'gewone man'.

Nou is dit vir my altyd snaaks-opvallend dat deur die eeue Bybelverklaarders en vertalers en die uitgewers daarvan altyd weer sê dat hierdie of daardie profeet se boek so aktueel is' vir die moeilike tye waarin ons leef '. Daar was baie duidelik nog nooit 'n 'maklike' tyd nie . Asof dit die gelowige ooit in die Skrif beloof was. Maar dit moet ons ook al hoe meer tot nugterheid dwing wanneer ons van allerlei kante met tekste om die ore geslaan word wat dan sou 'bewys' saam met die nuus-van-die-dag dat ons in die laaste stuiptrekkings van die aardse bestaan leef. Met die hemelvaart van Christus het die laaste tye aangebreek -- wanneer dit voleindig word , vandag of oor duisend of 'n miljoen jaar , dit weet geen mens nie , net die Vader in die hemel. Ondertussen bly dit wonderlik dat van alle boeke in die wye wêreld net die Woord nooit 'n verjongingskuur hoef te ondergaan nie want dit is en bly die Lewende Woord . Calvyn se uitgebreide opmerkings oor die moderne neiging om uitheems aan te trek en so oordadig dat dit aandag moet trek en die jaloesie van armeres moet opwek en hulle dieper in die veragtingsmodder laat sink is nie gister of vandag nie maar slegs 'n 450 jaar gelede geskryf..

Die oordeel van God ken geen perke nie , dit slaan die hele tempelstad van hoek tot kant. Mens en gebou sal huilend skreeu of krakend inmekaar stort terwyl hierdie onaardse geraas oorskreeu word deur die bloedstollende oorwinningskrete van die vyand. Die HERE sê dat die inwoners moet huil want handelaars wat in die Vallei van die materiaalkeurders handel gedryf het, sal uitgedelg word. Die handelaars word met die naam Kanaaniete aangedui , die oorspronklike inwoners van die Beloofde Land wat uitgemunt het in skelmheid en slinksheid in die besigheidslewe. Die volk van God was oorspronklik 'n nomadevolk wat met hulle vee rondgetrek het om later 'n meer gevestigde lewe as landbouers en dorps- en stadbewoners te lei. Hulle het nie in seevaart en die volg van die duisende kilometers karavaanroetes belanggestel nie, dit was die onbesnedenes soos die Filistyne se domein. Hierdie heidene het die kuns vervolmaak om mense uit te buit en was gewetenlose winskopiejaagters. Die Jode het nou nie 'n goeie voorbeeld vir hulle gestel nie maar self die 'kuns' van uitbuiting en geldgierigheid vervolmaak - iets wat na die ballingskap in die diaspora , die wêreldwye verstrooiing , nou nie juis verdwyn het nie maar omtrent spreekwoordelik geword het. Die bankiers sal dieselfde lot as die handelaars tref.

Die HERE sal soos met lampe die hele Jerusalem fynkam . Selfs die natuurlike en

mensgemaakte grotte en tunnels wat die sagte klip van die heuwel waarop die stad gebou was deurspek het, sou geen wegkruipkans bied nie. Blykbaar is die gesteldheid van die berge in Afghanistan baie dieselfde en weet ons vandag hoe moeilik dit selfs vir die modernste infrarooi , X-strale en laserstraaloorlogstechnologie is om mense daarin op te spoor - maar vir wraak van die HERE is daar geen moontlikheid van wegkruip nie.

En nou kom ons weer by 'n plek in die nuwe Bybelvertaling waar daar 'n hele paar woorde uitgelaat is met die bedoeling om die sin beter en vlotter te lees. Goed , dit doen niks aan ons saligheid af nie , alles wat ons daarvoor nodig het staan in die nuwe vertaling ook maar ... dan is dit tog nie werklik 'n vertaling nie maar 'n parafrase , 'n verduidelikende uitgawe. Hierdie moderne idee om die Bybel te 'vertaal' skep probleme wat alleen vermy kan word as die 1953 vertaling daarby gebruik word omdat dit meesal 'n letterlike vertaling is en dus veel eerder die 'volle' Woord vir ons gee al is dit dan ook in 'n taalgebruik wat vir baie verouderd is. Ons gebruik om die Naam van die HERE met vier hoofletters of met een hoofletter te spel is ook glad nie om daarmee terug te bly gaan na die bekende ou paaie nie maar omdat dit die enigste manier is om in ons taal die twee verskillende betekenis van die heilige Naam aan te dui. HERE dan as die troue Verbondsgod en Here as die Almagtige Skepper van hemel en aarde. In die nuwe vertaling het daardie belangrike onderskeid skoon weggeval.

Vers 12b lui in die nuwe vertaling ;'en die mense straf wat in hulle selftevreedenheid dink ...' en in die 1953 vertaling : 'en besoeking doen oor die manne wat dik geword het op hulle afsaksel, wat in hulle hart sê ...'

Inderdaad is die letterlike vertaling nie sondermeer duidelik nie maar is dit genoeg rede om 'n Bybelse uitdrukking te los ? Die HERE - nie 'n mens nie - vergelyk die Jode met beleë wyn. Enige wyn het altyd 'n afsaksel wat vir 'n tydperk die wyn sterker en geuriger maak en voordat dit gedrink kan word is die wyn gesuiwer Jes 25 : 6. In Jeremia 48 : 11 lees ons : ' Moab (die wynland) sit van sy jeug af rustig soos wyn op sy afsaksel , wyn wat nie van een kruik in 'n ander oorgegooi is nie... sy smaak het dieselfde gebly , sy geur het nie verander nie.' Die profeet Jeremia vergelyk Moab dus met wyn wat rustig op die afsaksel gerus het soos die volk ongesteurd die land en sy nasionale karakter kon behou . Sefanja gebruik dieselfde vergelyking maar gebruik 'n sterker woord vir 'afsaksel' wat beskryf dat hierdie afsaksel hardgeword het, dik geword het tot 'n stroperige , bitter en onsmaklike laag onder in die vat.

Pleks daarvan dat Juda homself bekeer het van sy daaglikse sondes het hulle hulle tuisgemaak op die basis van onsuiverhede totdat die Godonterende sondes die goeie- wyn- van- heiligmaking- en gehoorsaamheid- aan- die- HERE die wyn totaal

bederf het. Die uitverkore volk het verander in 'n verharde groep sondaars wat die heidene verbygesteek het in skaamtelose sonde. Die volk het onaanvaarbaar vir God geword, ongeskik vir gebruik, die enigste wat gedoen kan word is om dit weg te gooi. Die houding van die rykes as verteenwoordigers van die geheel was dat die HERE 'geen goed of kwaad doen nie' - Hy sal nie Sy beloftes uitvoer nie maar ook nie Sy dreigemente nie. Hy is dus op dieselfde vlak as die nuttelose afgode geplaas, eintlik laer want selfs die heidene respekteer hulle selfgemaakte afgode nog meer as die Judeërs.

'n Ander vertaling en verklaring is dat die rykes in verregaande selftevreedenheid papdronk bewegingloos en bedwelm op die beleë wyne sitlê. Hulle materiële welvaart het hulle afgestomp en geestelik so lui gemaak dat hulle nie eers daarvoor droom om nog met God rekening te hou nie. Maar God laat nie met Hom spot nie en sal die rykdom en besit wat die enigste basis vir hulle bestaan is wegneem en dan is hulle sonder iets en reddeloos verlore. Die profeet wys daarop dat selfs die wingerde wat hulle plant hulle niks meer sal help nie want die so geliefde wyn wat van daardie druiwe gemaak sou word sal hulle nie proe nie. Dit moes verskriklik wees vir hulle wat juis van die wyn een van hulle gode gemaak het!

Wat het hierdie Skrifgedeelte vandag vir u en my te sê? In kort dat ons ook moet swyg voor die HERE.

Ons moet ons plek ken teenoor die HERE Here. Ja, dit klink nie lekker vir die moderne oor nie. Dit is vandag 'n moeiliker houding as in die jare wat agter ons lê. Die tydsgesheue het sy vernietigende werk gedoen, ook in die kerk maar veral in die breë christelike gemeenskap. Die Franse Rewolusie se verkondiging van gelykheid het nie alleen o.a. 'n gesagskrisis in die gesin veroorsaak nie maar ook in die geloof en geloofsbeleving. Ontslag, eer-biedige ontsag vir die heilige Almagtige God het in baie kringe verander in 'n 'n eensydige vertekening van 'n hemel-se Wonderdoener en Noodhulp wat jou Maat, jou Vriend of Pêl is. Dat dit die geloof in 'n krisis bring wanneer die gelowige in 'n krisissituasie kom, is dan onafwendbaar. Wanneer die Allerheiligste ontheilig word deur Hom te vermenslik en aan te pas aan modieuse menslike standaarde dan sak ons af na die vlak van die heidene wat gode volgens eie smaak ontwerp. Dit is skokkend dat ons moet erken dat die ortodokse Moslems hulle god heiliger en met baie meer eerbied benader as die luiddrugstigste groepe christene.

Ons moet ons plek ken as sondige, onrein mense wat nie van ons skuld kan vrykom nie maar dit dag na dag meer maak en daarom onder die oordeel van die HERE sal kom. 'n Oordeel wat onafwendbaar is behalwe as ons met skuldbelydenis vlug na ons Here Jesus Christus wat volkome betaal het vir al ons sondes.

Sefanja 1 : 14 - 2 ; 3

In die vorige verse het die profeet , in opdrag van die HERE , die oordeel oor Juda aangekondig . In die volgende verse blyk dit egter duidelik dat die oordeelsdag van die HERE die hele volke-wêreld sal tref. Dit is die 'Dag van die HERE' waarvoor ons dikwels by die profete hoor. Hierdie 'Dag van die HERE' wys in die Ou Testament nie op 'n bepaalde tydstip nie , nie op een bepaalde dag nie , maar op 'n in die algemeen toekomstige gebeure. Dit wys op die geweldige mag van die HERE. Daardie Dag bring onheil oor die goddeloses maar heil vir die gelowiges. Die geskreeu op die Dag van die HERE sal so bitter wees dat selfs die dapperste soldaat van angskrik sal verstyf. En die belangrike is dat daardie Dag baie -baie naby is , dit kom gou-gou. Hoe naby het dieselfde geslag hoorders nog kon beleef. Dit was net twee dekades later wat Assirië geval het en nog minder as twee generasies later het Jerusalem geval en nog 'n 47 jaar later was Babel se dae getel. Vir al hierdie volke was die Dag van die HERE naby en vir Jerusalem in die besonder.

Vers 15 se beginwoorde het deur alle eeue die lesers geweldig aangegryp:

' Die dag is 'n dag van grimmigheid , van toorn ,
 'n dag van nood en benoudheid ,
 'n dag van storms en verwoesting,
 'n dag van donkerte , van duisternis...

In die antieke Latynse vertaling Dies irae , dies illa , calamitatis et miseriae . Dit vorm die agtergrond vir die herhalings in die antieke Dodemis en word gedateer so'n 800 jaar gelede. Dit word gesê dat hierdie Skrifberyming in meer tale vertaal is as enige ander gesang (Laetsch).

Deur middel van Sy oordeel sal die HERE die mense in paniek bring, en die woord wat die profeet vir 'mense' gebruik wys op al die mense van die wêreld. Hulle bloed sal so min werd wees soos die stof wat opgeskop word. In die oudheid soos in Afghanistan in ons tyd kon nog met'n groot bedrag geld , goud of silwer 'n beleëring afgewend word, die brandskat , by die HERE is daar geen manier om Sy toorn af te koop nie. Die oordeelsgeweld tart alle beskrywing. Geen ster van hoop , geen silwerrandjie nie, slegs die vuur van God se woede wat die donker pikswart wolke omraam. Al wat tussen die geknetter van die vuur gehoor sal word is die alarmgeskalm van die ramshoring en die krygsgeskreeu van bloedbeluste vyande . Blind van angskrik wankel die mense in die inferno van God se toorn. Hierdie afgryslike voltrekking van God se oordeel oor Juda en Jerusalem word geteken in die kleure van die finale Oordeelsdag. Maar dit is nie God se laaste woord nie . Hy is die troue Verbondsgod vol van barmhartigheid . Hy roep nog weer 'n keer Sy volk op tot bekering. Hy roep die volk op

om te buig , diep te buig soos arm bedelaars of slawe wat die laaste are van die naoes optel . Hulle moet hulleself regruk , tot inkeer kom. Saamkom soos op 'n amptelike boetedoeningsdag en vasdag. (Dit is almal moontlike vertalings/verklarings van 2 : 1.) Opvallend dat die 'volk' hier beskryf word met 'n woord wat net 'n heidense volk aandui - die trotse Juda het gesink tot die vlak van 'n heidense volk wat God nie ken nie. Skaamteloos het hulle God aan die kant geskuif , absoluut geminag. Hulle kon mos sonder God regkom , die oordeel sal hulle laat besef dat dit nie moontlik is nie . God werk altyd of ten goede of ten kwade vir die mens. Soos altyd is die beelde in die Heilige Skrif geen wysgerige hoë toordery met woorde wat slim klink maar niksseggend is nie , soos ek so dikwels by ander gelowe se sogenaamde heilige boeke vind. Die profeet kom nou met 'n beeld wat elke hoorder goed geken het en wat wys op iets wat as baie onaangenaam ondervind is. Wanneer die koring op die dorsvloer met stokke geslaan is om die kaf van die koringkorrel los te kry , het daar so maklik 'n windvlaag gekom wat die kaf dan rondgewaai het sodat die hele binneplaas of dorpsgebied met 'n wolk van kaf oortrek was. Kaf was so lig soos die spreekwoordelike veertjie en die minste of geringste trekkie het dit weggewaai , netso sal die volk weggewaai word soos niks en boonop in 'n oogwink verteer word deur die vurige toorn van die HERE. Weer 'n dubbelle waarskuwing.

Vol warmte roep die HERE die volk weer op tot bekering. 'Soek die HERE o alle ootmoediges van die land .' Ons moet hier nou glad nie dink dat die ootmoediges nou net die voetsoolvlakvolk , die werkersklas en 'agtergeblewenes' of sosiaalverdrukte beteken nie. In die nuwe vertaling lees ons pleks van 'ootmoediges' , die 'nederiges'. Dit is ook goed maar netsolank onthou word dat dit arm en ryk en almal tussenin insluit. Dit is die ootmoediges op elke vlak van die ryk geskakeerde lewe. Orals is daar wel lede van die 'oorblyfsel' , daardie minderheid . Hier word beskryf die mense wat God se regverdigheid in die stuur van die afgryslieke oordeel erken. Wat hulle buig voor Sy wil , wat Hom soek in alles wat hulle doen , wat vroom leef en alles verwag van Sy genade in die koms van die Verlosser wat hulle bly verwag het. Mense wat die wil van God in die daaglikse lewe uitvoer deur te streef na geregtigheid en nederigheid. Hierdie mense word deur die profeet opgeroep om te volhard in die doen van goeie werke wat as sigbare vrugte van dankbaarheid lig in die donker bring.

Meesal word Sefanja gebrandmerk as 'n profeet wat ons 'n onverbiddelike wrede en klipharde God leer ken. Netsoos ons vandag tot in den treure moet hoor van die kant van die sogenaamde Pinkstergroepe dat hulle nie veel erg het in die wrede God van die Ou Testament wat totaal anders is as die God van die Nuwe Testament. Asof daar verskillende gode sou wees en die Bybel nie die een en volledige Woord van God vir ons saligheid is nie. In elk geval sien ons in 2 : 3 duidelik dat God vol van barmhar-

tigheid is vir elkeen wat Hom wil soek , by Hom op oudiënsie wil gaan.

Dikwels spreek die profete God se oordeel kondisioneel uit , daar word voorwaardes gestel . Miskien bly julle die straf gespaar op die Dag van die toorn van die HERE . **Miskien...** ja, die profeet self kan niks daaraan doen nie , hy is self magteloos , maar vertrou op God se genade dat Hy sal spaar. Hoe wonderlik is dit dat God die saad van die Woord tog laat groei sodat daar wel êrens mense was wat hulle onder die oordeelsprediking van die profeet bekeer het . Hoeveel ? Wie weet ? Die verkondiging van die Woord lyk so dikwels so onvrugbaar maar daardie beproewing moet geduldig-gelowig gedra word deur eenvoudig jou roeping uit te voer , deur te saai en die res aan God oor te laat. En as ons dan soms moedeloos wil word dan moet ons maar 'n bietjie terugdink aan ons Here Jesus daar aan die kruis.... wat was daar te sien van die resultaat van Sy verkondigingswerk ? Die apostels het geskitter in hulle afwesigheid...

Soos Luther by sy verklaring van die profeet Jona skryf Calvin hier by sy verklaring dat God die Woordverkondigers troos dat hulle nie moet dink dat hulle werk net tevergeefse moeite is nie omdat dit lyk asof die mense tog nie luister nie. Die bedienaars van die Woord moet nie van hulle roepingspad afwyk nie omdat daar altyd wel 'n paar hoorders is wat 'n lang tyd wys dat hulle op 'n Goddelike en wonderlike manier bewaar is sodat hulle nie saam met die ander omkom nie .. Die gelowiges moet nie oplet op wat die massa doen en hoe hulle optree nie maar hulle moet met spoed na die HERE gaan wanneer God hulle oproep tot berou en hulle hoop op vergewing gee. Wanneer God Sy stem verhef verhard die een mens die ander en so jaag hulle mekaar na die ondergang toe. So gebeur dit dat alle onderrig sonder resultaat bly. Daarom gebruik die profeet dit as 'n geneesmiddel as hy daarop wys dat dit verkeerd is as die een vir die ander kyk want so vuur hulle mekaar aan tot groter opstandigheid . Die ootmoediges moet hulle laat leer wanneer die HERE Sy hand na hulle uitsteek en laat sien dat Hy genadig sal wees as hulle maar na die goeie pad toe terugkeer.' Dit bly vir ons wat gebreinspoel word deur die afgodery van 'demokrasie' en 'menseregte' wat gehoorsaamheid eis vir die wil van die meerderheid en die 'regte' van die vergoddelike mens, dit bly vir ons die Godgegewe roeping om ons wil en die wil van die meerderheid ondergeskik te maak aan die ge-openbaarde wil van God. Die bevel bly dat die regverdige God moet soek . Dit klink teëstrydig dat hulle wat hulle aan God se diens gewy het en 'n opregte lewe gelei het, God moet soek. Ons leer daaruit dat selfs die bestes deur die tugtiging van God aangevuur word om met nog meer ywer die ware godsdienst te soek want niemand kan ooit volmaak sy roeping uitleef nie. God spoor ons tot groter geloof en geloofswerke aan wanneer teëspoed ons tref en God ons deur duidelike tekens wys dat Hy toornig is. Calvin gaan verder :

'Ons weet hoe ernstig die geloof geskud word as goeie en slegte mense saam sonder onderskeid deur die hand van God geslaan word. Die vromes dink dan dat dit hulle nie baat dat hulle God gedien het want hulle beland in dieselfde ellendes as die ander. Hierdie beproewing kan selfs die sterkstes onder ons laat wankel. Daarom spoor die profeet ons tot volharding aan want die einde sal verskillend wees. Dit is asof die profeet sê : God sal u nie onmiddellik beloon nie maar u geduld sal uiteindelik sien dat Hy 'n regverdige Regter is wat Sy kinders in die uiterste nood versorg en red.'

Hoe moet ons God soek ? Nie met allerlei seremonies en uiterlike wetswerke nie. Dit spreek ons vlees aan , dit ontroer ons soms so lekker en die prag en praal streel ons oë terwyl die seremonies ons ore en soms neuse ook streel . Eintlik vra God baie minder duur en eenvoudiger dinge alhoewel dit juis gewoonlik glad nie makliker dinge is nie. Ons moet heilig en regverdig lewe deur 'eenvoudig' in gehoorsaamheid aan God en dus ook in liefde teenoor God en naaste te lewe. Daarby kom dan ook die ootmoed want selfs vir die sterkstes onder ons is dit moeilik om nie te kla en te kern en opstandig te wees as God ons swaar laat kry nie. Petrus bedoel dieselfde as hy sê : 'Onderwerp julle in nederigheid aan die kragtige hand van God ' 1 Petr 5 : 6. Die gelowige moet in geduldige onderwerping aan God daardie bevryding wat Hy beloof het rustig afwag.

God is nie verplig om die regverdige en ootmoedige mens te red nie - ons bely tog op grond van die Heilige Skrif dat selfs die allerheiligste mens nog maar 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid het solank ons in hierdie lewe is Heid. Kat. Sond. 44 - niemand verdien die vrypraak nie. Die 'miskien' bly julle die straf gespaar ' beklemtoon dit . Maar juis daardie 'miskien' maak die pad oop vir die jubelende uit genade alleen wat deur die reformatore so beklemtoon is . Mag God ons deur die Heilige Gees van ons Verlosser Jesus Christus , die volmaakte Sagmoedige en Nederige van hart Matt 11 : 29 in ware regverdigheid en ootmoed lei.

Sefanja 2 : 4 - 3 : 5

Ons as moderne mense het ook maar ons probleme met sake waarvoor ons in die Bybel lees en wat in vandag se tyd nie juis as , om nou maar 'n gonswoord te gebruik , ' polities-korrek ' beskou word nie. In 'n tyd waarin ons twee of drie vorige generasies die grootste gemeganiseerde menseslagtings van alle tye ondervind het is deels as 'n reaksie daarop 'menseregte' die een en al . Of is dit ? Teoreties miskien , prakties slegs as dit ook weer 'gedemokratiseer' word . Solank dit nie teen die vergoddelike 'meerderheid' ingaan nie dan is 'menseregte' evangelie. maar as jy in die minderheid

is en dus 'demokraties' uitgeskakel is met die 'demokratiese' plig in 'n tyd van Afrikarenaissance om saam-te-gaan dan is die individu se mensereg 'n ronde nul in waarde. So word aan die ouers die reg ontnem om kinders in die roeping van die christelike opvoeding te tug. So word skole nie net hulle eertydse 'christelike karakter' - wat dit prakties ook al was - ontnem nie maar ook verplig om heidense afgodsdienste as gelykwaardige godsdienste bekend te stel...

Hierdie menseregte gelowie het natuurlik ook invloed op die manier waarop die Bybel verklaar word. Een van die probleme wat nou gemaak word is die onaanvaarbaarheid van die sogenaamde 'wraakpsalms' in die heilige Skrif. Dit bots nou met die o - so - ordentlike-beskaafde gevoel van die mondige mens . So beskaaf dat aborsie goedgepraat en wettig beskerm en geprys word asof dit geen bloedige moord sou wees nie. Niemand word in die mees beskaafde ordentlikste tyd enigsins anders as 'n sondige mens wat met twee mate weeg as dit hom pas nie. Die mens is in sonde ontvang en gebore en bly geneig tot alle kwaad ,ja die Skrif leer ons dit - maar dit is natuurlik ook weer fout in die oë van die Bybelkritici.

Ons lees nou in Sefanja se middelste deel , soos by verskillende ander van sy kollega's , profesië teen die buurstade. Ons lees dit , beter gesê ons lees daarvoor . Is dit nou so erg ? Nie wanneer ons dit in die regte gees doen nie. Dit is tog nie juis opwekkende leesstof nie . Dit handel oor die vyande van God en Sy volk en die strenge straf wat hulle ontvang. Dit leer my die regverdigheid van God en dat ek maar gerus kan vergeet van die eensydige 'lieuwe Jesus' gedagte van die laaste eeue want die Koning van die skepping spring nie lieflik om met Sy vyande nie.

As ek so gesind die oordeelsprofesië wat aan die heidene geadresseer is vinnig deurlees sal dit my nie ten kwade gereken word nie. Dis totaal 'n perd van 'n ander kleur as ek dit nie van belang ag omdat dit nie pas by my eie afgodsbeeldjie wat ek volgens my smaak en aangepaste tydsgeesreseppie van God gemaak het nie. God is die Wreker van Sy geregtigheid oor almal van alle eeue wat Hom nie eer en liefhet en nie gehoorsaam nie. Die beste 'spindokter' kan daar niks aan verander nie. Wat in die Bybel staan is die Woord van God van A tot Z , van die eerste vers in Genesis tot die laaste vers in Openbaring . Punt uit ! Maar dit wil nie sê dat elke deel in die Heilige Skrif my , myself , met dieselfde krag aanspreek nie. Ek wat van God bepaalde talente ontvang het en ander talente nie ontvang het nie maar by ander mense raaksien en (soms kan) waardeer , het nie dieselfde aanvoeling vir byvoorbeeld elkeen van die vier evangelieskrywers nie. In die manier waarop Lukas , die mediese dokter , skryf kan ons iets van sy agtergrond ontdek . Die Heilige Gees gebruik die skrywer nie teen wil en dank nie maar met gebruikmaking van sy eie besondere talente. Heel anders is die manier waarop Johannes skryf. Daarom spreek die een evangelis se

Woordverkondiging die een gelowige meer aan as die ander gelowige. Dit hang met my aard saam en het niks te doen met kritiek op die Woord van God nie . 'n Pessimistiese swartkyker sal anders na die oordeelsprofesië as ek kyk en ek kyk anders daarna as 'n borrelende spontane ekstrovert. Dit maak die lewe mos so'n heerlik interessante ryk lewe , al daardie verskillende soorte lewensspeserye.

Die oordeel wat die profeet nou in die Naam van die HERE oor die volke rondom Juda afkondig is troos vir die wat uitverkies is omdat hulle nou weet dat daar in die toekoms 'n verandering sal kom. God sal Juda nie altyddeur bly straf nie maar Sy visier later op die ander volke rig. Die oorblyfsel wat deur die HERE uitverkies is sal bly bestaan sodat die Kerk kan bly voortleef. Die gelowiges word dus moed gegee sodat hulle in die groot verdrukking nie aan God se barmhartigheid sal wanhoop of jaloers sou raak op die goddeloses nie.

Die Filistyne en hulle stede sal verwoes word en dit het so gebeur dat daar vandag geen spoor meer van daardie volk te vinde is nie.

Ten oorfloede wil ek weer daarop wys dat dit wat vandag en die laaste halwe eeu in Israel gebeur werklik waar niks met Sefanja se profesie of met enige bepaalde Bybelse profesie te doen het nie . Ons moet altyd die teksverband onthou. Die profesie in die algemeen het 'n bepaalde datum en moet in daardie teksverband gesien en verklaar word , dan kan ons vandag sien dat hulle in die algemeen reeds vervul is.

Baie van die profesieë word ingeklee in die scenario van die Dag van die HERE wat dan ook wel wys op die Dag van die Wederkoms, die Oordeelsdag.

Die belangrikste IS en BLY egter dat die hele Ou Testament reikhalsend uitgesien het na die loms van ons Here Jesus Christus en dat alle profesieë daaraan diensbaar was. In vergelyking daarmee is profesieë oor wat sou gebeur en gebeur hét en moontlik nog sal gebeur , van bittermin belang. natuurlik is daar sogenaamde 'onvervulde' profesieë maar die betekenis daarvan doen absoluut niks , hoegenaamd NIKS aan ons saligheid nie. Dit is werklik nie belangrik genoeg om ons daarmee te verwar nie. ALLES wat vir ons saligheid van belang is , is VOLLEDIG in die Woord vir ons ge-openbaar. Die res sal ons op God se tyd en manier wel leer ken. Tot dan sien ek by omtrent al die 'onvervulde' profesieë 'n besliste Stopteken staan !

Enige oorlog , ramp en ellende is 'n voorspel van die Oordeelsdag , dit laat die Wederkoms nader kom. Enige beproewing kom oor ons uit die Hand van ons hemelse Vader wat ons daardeur ook al hoe meer laat verlang na die volmaakte lewe.

Vir die oorblyfsel van Juda , die getroue deel van die uitverkore Kerk is daar geen oordeel nie maar heerlike beloftes. Dit laat ons al dink aan die woorde van die Heidelbergse antw. 52 dat ons "n Regter uit die hemel verwag wat al Sy en my

vyande in die ewige verdoemenis sal werp , maar my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlijkheid sal neem'- maar dit **was** en **is** nog toekomsmusik. Vir Juda se minderheid was eers 'n aardse heerlijkheid beloof : die kusstreek met veilige weiplekke en woonplekke want ' die HERE hulle God sal Hom oor hulle ontferm en hulle lot verander'. Wonderlik mooi die tekening van die kudde van die Goeie Herder. Maar ons moet tog maar bly onthou dat dit nooit rede moet gee om ons krag in getalle te gaan probeer soek nie . Dit sal ons altyd beskaamd laat staan , die oorblyfsel is altyd 'n minderheid wat moet verwag om minagting te ondervind, per slot van rekening is dit wat Jesus Christus beleef het en hoe kan ons as navolgers van Hom iets anders verwag ?

Dat die heidense immigrante volk so'n oordeel sou ontvang kan ons verstaan. Die oordeel oor Moab en Ammon is nog swaarder. Hulle was familie van Juda as seuns van Lot maar nie alleen berug vir hulle arrogansie en onmenslike wreedheid nie maar ook weens hulle fel vyandskap teen Israel . Hulle was vyande van God se volk en altyd daarop uit om die deur God Beloofde Land te herower , mense wat die God van die Woord verwerp het en hulle eie afgode geskep het, hulle sal mét hulle menslike maaksels vernietig word. Die Judese volk sal in die oordeelsdae moontlik in wanhoop dink dat God nie sien hoe ontsettend hulle ly nie maar God laat hulle nou hoor dat Hy die broedervolke juis so swaar straf omdat hulle in die verlede Sy volk so gemeen behandel het . God het dit gesien en onthou om dan op Sy tyd te reageer. Moontlik ook op grond van hierdie teks dat die spreekwoord sê dat God se meul stadig maal.

Plotseling trek die HERE die kring van die oordeel oor die wêreld, alle volke moet kennisneem van Sy oordeel en gewaarsku wees om dieselfde oordeel te ontsnap. Die HERE laat nou Sy oordeel weerklink oor die magtiges van die aarde , Ethiopië en Assirië. Hoe ontstellend waar het die oordeel oor Assirië se trotse majestieuse Nineve uitgekom. Van daardie wonderlik magtige mooi stad het die mens vir lange eeue nie eers sy plek meer geken nie. Verstommend die oordeel wat daardie trotse stad en volk getref het.

Juda moet egter nie dink dat daar vir haar tyd of plek is vir leedvermaak nie. Die profeet gee weer profesië teen Jerusalem. Vreemde stede sal vernietig word maar hulle eie stad is g'n haar beter nie. Weer 'n ernstige vermaning aan die kerkvolk en tempelstad maar ook 'n bemoediging aan die oorblyfsel.

Ons lees hier een van die allerfelste aanklagte teen die inwoners van die tempelstad wat gesink het tot 'n vlak waar selfs die heidene met moeite sou kan kom. Die HERE kla haar aan dat sy opstandig is , vuil besoedel en dan nog al as tempelstad , maar ook teenoor die mense haar in verdrukking te buite gaan en ongehoorsaam aan God is.

Nou kan die vraag by ons opkom wat dit nou met ons vandag te doen het ? Goed , ons sal in mindere of meerdere mate wel erken dat ons ook geneig is om ongehoorsaam teen God te wees , hardleers en ons ook maar nie wil laat gesê nie. Maar is dit dan só erg? Ons moet onthou dat die profeet gepraat het met die heilige volk wat God uitverkies het as Sy besondere eiendom. Daarom is daar geen rede voor dat ons wat ons gelowiges noem ons vandag niks van hierdie oordeel hoef aan te trek nie. Ons toestand is nie beter as die van die Judeërs en Jerusalemers nie. Jerusalem was die aardse heiligdom van God en tog hoor ons hoe geweldig ernstig die profeet stad en inwoners berispe. Daar is eenvoudig geen rede waarom ons in hierdie tyd onself sou vlei as ons ons nie rustig aan God onderwerp en toelaat dat ons deur Sy Woord gelei word nie. Dan moet ons ook geduldig verdra dat ons tereggewys word elke keer wanneer ons nie genoeg na God se onderrig luister nie en dan deur Hom beproef word (Calvyn).

Die kernsonde van Jerusalem was dat hulle nie hulle hoop vir redding op die enige HERE gestel het nie , hieruit het die hele opstapeling van sondes voortgekom. Juis hierdie gebrek aan vertrouwe op die HERE is die basis vir alle bygelowighede sê Calvyn. Presies dieselfde geld vir ons tyd met sy absoluut onverstaanbare en ongelooflike groei in bygelowigheid van sterregeloof tot die toordery deur sangoma's wat as politiekorrekte daad tot in die sakelewe be-oefen word.

Veral die leiers is die oorsaak van die geweldige morele en sedelike verval van die eens heilige stad. Met dierlike wreedheid word die mense wat na God se beeld geskep is verdruk en uitgebuit. Ondertussen spreek die profete geen woord van vermaan nie maar is hulle ligsinnige grootpratere , roekelose trouelose bedrieërs. Die priesters wat met die heilige elke dag in aanraking kom verontreinig dit en verkrag die heilige Wet wat deur hulle juis vir die volk geleer moet word.

In hemelskreiende kontras met al die gespuis van 'n 'elite' wat hulle Godgegewe roeping in die modder vertrap staan die HERE , alleen Hy is regverdig en net Hy doen geen onreg nie. Verbreek die mense gedurig alle orde wat deur God gegee is , elke oggend kan op GóD se trou staatgemaak word .

Dit is troos vir die gelowige maar verskrikking vir die verharde sondaar want die Regverdige sal die oordeel voltrek omdat Hy getrou bly aan Sy Woord.

Sefanja 3 : 6 - 8

Een van die gevolge wat God wil werk op die sien van Sy oordele oor die mense , is dat Hy wil hê dat ons gewaarsku voel en ook daarom Hom sal vrees.

Dit bly maar altyd 'n moeilike saak vir elke mens om die oordele van God na reg gade

te slaan , om ietwat in die taal van die psalmberymmer te praat. Is elke beproewing 'n teken van God se toorn teen die mens ? Ja , natuurlik in die algemeen is dit so dat elke ramp 'n teken is van God se toorn oor die sondeval en die gewroet in die sondige modder deur die menslike geslag. Daar sou nooit enige ellende gewees het as - daardie groot AS ... - ons voorouers nie in die paradys gesondig het nie. En op daardie 'as' volg die onvermydelike 'maar' MAAR dit het gebeur en ons sit met die gebakte pere van die erfsonde. Elke mens is in sonde ontvang en gebore en van nature geneig om God en sy naaste te haat HK Sond 2. Om nou weereens ietwat af te wyk net 'n sydelingse opmerking : ons word al baie langer as 'n eeu wysgemaak dat die mens deur miljoene jare se evolusie of ontwikkeling geword het wat hy is. As ons kyk na die prestasies van die mens dan is dit iets geweldigs maar daardie mens sny alkante toe , positief en negatief. Wat het die mens nie al gepresteer op die ampse vervolmaking van die kuns om medemens te vernietig , die natuur op die rand van ondergang te bring en u kan maar self invul . Dan was die evolusie van die mens ook maar 'n geweldige fiasko. Deur die evolusieTEORIE aan te hang - en onthou dit is slegs 'n teorie wat in elk geval onbewysbaar is maar wel selfs met koue wetenskaplike feite weerlê word en dit nogal deur ongelowige wetenskaplikes - deur 'n evolusionis te wil wees kom ons in allerlei opsigte in stryd met die ge-openbaarde Woord van God . Een daarvan is dat die hele sondeval dan eenvoudig moeilik gehandhaaf kan word netsoos die werklike bestaan van iemand soos Adam en Eva. Dan moet die snoeisker in die Bybel gesteeek word om ons teorieë te kan laat bly. Die evolusieteorie is nie maar net 'n saak vir my smaak of nie , is nie maar net iets wat slegs die biologie en die natuurwetenskap raak nie , dit raak absoluut direk my geloof. As daar werklik 'n evolusie , 'n ontwikkeling van absoluut NIKS nie na 'n eensellige lewende ding en daarvandaan oor die loop van miljoene jare tot die mens was , dan het die Here Jesus Christus heeltemaal verniet na ons aarde gekom en het Hy verniet aan die kruis gesterf. Dit bly my nog altyd verstom dat die mens die buitenste ruim juis wil verken ... om meer te wete te kom oor die 'ontstaan van die aarde'. As al die projekte wat op die antwoord op daardie vraag geloods word se geld gebruik sou word vir hulpverlening van die mens-in-nood dan sou die aarde waarop ons mag vertoef 'n heelwat beter plek kan wees. Om die buitenste ruim vir eksperimente vir die ontwikkeling van medisyne en tegnologie te gebruik is opbouend , om dit te gebruik vir die soek van 'n antwoord waarvan die vraag klaar be-antwoord is , is liederlike geldmors. Dit gee in elk geval nie 'n oplossing vir rampe en ellende waarmee die mens moet worstel.

Die vraag was of ons rampe in ons eie lewe , ons kerklike lewe, ons volkslewe , ons land en in die wye wêreld as oordele van God oor ons persoon , familie , volk of wêreld moet beskou. U weet wel so in die trant van 'ons leef in die laaste sekondes van

die laaste dag van die wêreld ! Onheilsprofete wat groot en klein doodsbang moet maak met die 'einde van die wêreld' stories en die doemdenke-mense met hulle pikswart skildering van die afgryslikhede van die laaste oordeel kompleet met 'n tekening van die duiwel met stert en drietandvurk - en dit alles om 'siele te red' deur die arme siele eers in doodsbanne vertwyfeling te jaag.

Natuurlik leef ons in die laaste dae. Die Bybel leer ons dit . Maar wat leer die Bybel ons verder daarvoor ? Allereers dat die laaste dae begin het met die hemelvaart van Jesus Christus sodat ons al op 'n tweeduisend jaar van die 'laaste dae' kan terugkyk. Verder leer die Skrif ons dat die Regter op hierdie oomblik op die wolke kan verskyn maar miskien eers oor 'n duisend of twee jaar of oor 'n miljoen jaar. Ons roeping is om elke dag ons dagtaak getrou te verrig en om die Dag van die Wederkoms met verlange te verwag. Met verlange , nie met doodsangs nie. Is die rampe en ander hemelskreiende ellendes dan nie 'n teken van die Wederkoms nie ? Ja , maar daardie tekens is daar al van Christus se hemelvaart af. Verder is dit moontlik 'n uiting van God se toorn oor die hardvoggige sondebeleving van baie mense . Maar die rampe is behalwe 'n waarskuwing oor God se toorn oor die sonde van die menslike geslag en 'n straf daarop ook en veral vir die gelowige 'n toets wat God ons gee om ons in die geloof te versterk vgl Jak 1 . Pleks van om diep te krap in hierdie sake waaroor die Heilige Skrif ons net leer wat ons nodig het om ' heilig en Godsalig te kan lewe' moet ons maar liewers doen wat Jakobus ons leer 'God te bid vir wysheid'. Dit wat vandag se rampe , mensgemaak in oorloë of 'natuur'rampe , betref.

Die rampe waaroor ons in Sefanja lees is totaal iets anders. Hier gee God nie alleen kennis van komende rampe nie , maar ook die rede vir die losbarsting van alles wat ons so geweldig graag 'n helse geweld noem. Die koms van daardie rampe was beslis net en alleen God se vernietigende oordeel oor mense en volke wat God se regverdige Wet aanhoudend oortree het. Maar wat dan van die gelowiges wat dieselfde oordele as die goddeloses ondergaan het? Daarvoor het 'n moderne rabbi 'n blitsverkoper boek geskryf met die skreeuende vraag oor waarom straf God goeie mense ? Dat hy 'n rabbi is kom al duidelik in sy vraag uit want die beproefde rabbi glo in die inherente goedheid van mense , en is soos so baie jode 'n humanis - met uitsondering van die so bekende of berugte materialiste. Die Skrif leer ons niks oor die sprokie van die inherente goedheid van mense nie , Dawid het ook vir die draers van die vlag met die Dawidster geleer dat die mens in sonde ontvang en gebore is. Om daardie probleem te bowe te kom het die geleerde en diepbeproeefde rabbi met die 'oplossing' gekom dat God nie die kwaad wil nie maar ongelukkig nie in staat is om die bose duiwel te verhinder om die kwaad te laat plaasvind nie. Sover dan wat die voorsienigheid van God betref , dit pas nie in die moderne lewe met sy noodlotsgang

van oorsaak en gevolg nie.

Die gelowige buig voor die wil van God soos Hy dit in Sy raadsplan bepaal het maar dit is dan geen fatalisme soos die Mohammedanisme ons wil wysmaak nie . In daardie magtige Sondag 10 van ons Heidelbergse kategismus bely ons kinderlik ootmoedig dat God met Sy Vaderhand alles onderhou , onder alles Sy Hand hou en ons so deur die lewe dra . Ons bely dat die voordeel van daardie vaste wete is 'dat ons in alle teëspoed geduldig , in voorspoed dankbaar moet wees , en in alles wat nog oor ons kan kom , 'n vaste vertrouwe moet stel op ons getroue God en Vader , dat geen skepsel ons van Sy liefde sal skei nie , aangesien alle skepsele so in sy Hand is dat hulle teen Sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie.' By hierdie belydenis deur die gelowige is daar 13 tekste uit die Bybel aangehaal. Alles wat ons bely kom net en alleen uit die Heilige Skrif , die 'sola Scriptura' van die Reformasie bly altyd die antwoord op alle lewensbelangrike lewensvrae.

Juda het die toorn van die HERE sien losbars oor die volke van die wêreld en veral oor hulle sustervolk Israel wat in wrede ballingskap weggevoer was. Skoonverniet. Die inwoners van die tempelstad het hulle nie laat tereg wys nie. Sonder bekering geen uitkoms nie.

In die vervolg van sy profesie bring Sefanja elke keer weer die troos van die HERE vir die klein groepie gelowiges wat oorgebly het. Dis heel interessant dat 'n Bybelverklaarder agtergekom het dat vers 8 die enigste Bybelvers is wat al die medeklinkers en slotletters van die Hebreeuse alfabet bevat. Waar Bybelverklaarders hulle ook al nie mee besig hou nie.. Nou egter alweer 'n woordjie van kritiek op die 1983 vertaling waar weer iets ingevoeg is wat nie in die oorspronklike staan nie met die bedoeling om die betekenis duideliker te maak maar in hierdie geval 'n verklaring is wat nie noodwendig die regte verklaring is nie. Ons lees in 3 : 8 ' daarom , wag vir My in vrees , sê die HERE' . In die ou vertaling staan daar net 'Daarom, verwag My , spreek die HERE..' Daar staan dus nie in die oorspronklike 'in vrees' nie. Goed , dit doen aan ons saligheid niks af nie . Tog sou dit net korrek gewees het as die 1983 vertaling die ou vertaling gevolg het deur woorde wat nie in die oorspronklike staan nie , maar ingevoeg word vir verduideliking, tenminste kursief te druk. Calvyn verklaar die woorde ook soos die vertalers van die nuwe vertaling. Die HERE sou dus met die goddeloses praat en hulle vir oulaas die oordeel aansê. Tog klink dit in die lig van die vervolg goed denkbaar dat juis die gelowiges hierin getroos word dat hulle geduldig vertrouend op God se hulp en nabyheid moet wag in daardie tye wat die hare sal rys. Want op Sy eie Goddelike tyd sal die HERE opstaan as Regter wat Sy reg handhaaf in die vernietiging van alle teëstanders om Sy verdrukte Kerk te red en te verlos. Weer word daardie oordeelsdag verbind met die laaste Oordeelsdag wanneer die hele aarde deur die

vurige toorn van die HERE vernietig sal word. Die vernietiging van alle vyande sal egter ook die redding van die gelowige Godsvolk wees . Dit is in hierdie Ou Testamentiese boek al 'n voorafspieëling van die tyd van die Nuwe Testamentiese `genade en die uitbreiding van die Kerk van Christus tot die uiteinde van die aarde. Van hierdie vers af tot die einde van hierdie klein profeteboek gaan dit oor daardie troosvolle gebeure vir God se volk.

Laat ons juis wanneer ons verward voel in 'n tyd van chaos en dan so maklik aangeval word deur gedagtes van twyfel by die sien van die voorspoed van die goddeloses, geduldig op die HERE wag. Ons kan so maklik tot twyfel kom aan die regverdigheid van God . Die Psalmis het dit so skerp geteken in psalm 73 wat in die beryming ons aangryp deur sy tekening wat deur alle eeue heen die waarheid bly :

Ek het gepeins , diep in my hart
in lewensraaisels lank verward ,
toe ek moes aanskou met lede oë
hoe boosaards aangroei in vermoë.
Húl is gesond en lewe lank,
maar ánder word van kwellings krank ;
op húlle rus geen ongeluk,
maar ánder slyt hul lewe in druk.

Net soos 'n snoer van edelsteen
swaai trotsheid om hul nekke heen;
en hul geweld en gruweldade
bedek hul lyf soos praalgewade.
Hul oë puil van vet na voor ,
inbeeldings van hul hart loop oor.
Hul spot , verdruk , en in hul oog
is nét hulself , geen ander hoog.

Hul spot en van hul spotterny
raak ook die hemelself nie vry ,
terwyl hul tong op aarde wandel
en grootspraak voeg by bose handel.
Daarom draai sondaars na hul heen,]
met hul in misdaad lotgemeen ,
en roem : Sou óns die HEER moet vrees ?

Sou daar by Hom dan kennis wees ?

Maar nou , hoe anders is dit my !
 Gods heiligdomme ingelei,
 straal my 'n ander ligglans teë ;
 ek sien hul end ...dis gladde weë
 waarop die Heer die voet laat gaan
 van boosaards wat Hom trots weerstaan.
 Hul wankel al om neer te stort -
 'n bouwerk wat 'n puinhoop word.

Sefanja 3 : 9 - 13

In ons tyd is daar vanuit die sogenaamde Wêreldraad van kerke maar selfs ook vanuit die Rooms Katolieke Kerk en nogal by monde van die Pous 'n baie sterk toenadering na die Moslems toe. Of die 11 September terrorisme 'n verskil daaraan sal maak is te vroeg om te sê . Dit hang seker af van die radikale faksies in die moslemwêreld. Waar ons egter in belangstel is die feit dat christelike kerke die Moslem as 'n soort ware geloof begin beskou. Hoe dit te rym is met die Skrif gaan 'n mens se verstand te bowe. Dit wil selfs voorkom asof die Pous meer toegeneentheid vir die moslems as vir Protestante het. Selfs die Anglikaanse Kerk het baie onlangs nog tot sy grootste skok agtergekom dat hulle nie werklik erken word nie. Al hierdie woelinge is die dood in die pot vir die sending. As elke sogenaamde godsdiens dan erken word as 'n godsdiens pleks van afgodsdiens en 'n mens al hoe meer sogenaamde interdenominale in pleks van interkerklike byeenkomste voor jou oë op die televisie sien afspeel , dan word sending 'n onmoontlikheid. Dit is trouens al moeilik om wettig sending in ons land te doen as jy nie die verskillende wette oor die vryheid van die mens en menseregte en vryheid van godsdiensbeoefening ens. ens. wil oortree nie.

Gelukkig is ook die sendingwerk nie net mensewerk nie . Dit is God se werk met behulp van mense. Mense wat net in gehoorsaamheid saai en die groeiwerk aan God oorlaat.

Hierdie God laat Sefanja sê dat Hy wat God is die lippe van die volke rein sal maak. Ja , die volke én Juda sal onder die oordeel van die HERE deurgaen maar 'n rede vir hoopvolle rustige vertroue op God is dat die Kerk van God onvoorstelbaar groot sal groei. Hy is die Werker van daardie groei . Die piepklein Juda het skaars 13000 vierkante kilometer beslaan maar selfs vanuit Kus wat Ethiopië is sal bekeerlinge kom. Ethiopië wat beskou is as die einde van die wêreld en veertigduisend keer groter as Juda was. Wêreldwyd sal God sy Koninkryk van Genade laat kom . Hierdie geweldige

gebied sal nie deur die mag van oorlogsmasjienerie en bloedvergieting oorwin word nie maar langs die pad van vrede , deur die verkondiging van die enigste Blye Boodskap. Omdat almal met rein lippe die enigste HERE sal aanroep en Hom eenparig sal dien beteken dit ook dat daar dan 'n heerlike vrede sal heers onder alle volke. Hulle sal God nie maar net lippediens bewys nie maar almal sal soos een man Hom dien , letterlik met 'n eenparige skouer , dus hulle skouers met vreugde onder die ligte las van die verkondigingsroeping plaas in dankbare blydschap vir die onverwagte groot genade. Die beeld van die skouer is ontleen aan die gebruik dat draers 'n vrag saam op die skouers gedra het maar dan moet daar absolute samewerking wees anders val die vrag op die grond. Ons dien God dus met 'n eenparige skouer as ons mekaar help in eenstemmige samewerking. Ons moet dieselfde doel nastreef en mekaar nie alleen help nie maar ook bemoedig en so in vrede en blydschap ons taak klaarmaak. In die kerklike lewe het dit deur die eeue daaraan nogal ontbreek . Ons is uiteraard nogal geneig om baie nadruk op die verskille te lê. Ek kan nooit vergeet nie dat ek as kind op 'n familiebesoek in 'n klein vissersdorpie was . Die dorp se mannebroeders het almal saam in die mannekoor gesing en tot vandag toe hoor ons Sondagoggende in "Loof die Here' oor die radio hulle sang. Maar in daardie klein dorpie met net 'n paar duisend inwoners was nie minder nie as sewe soorte gereformeerde kerke plus nog die Hervormde kerk en 'n verskeidenheid ander christelike groeperings... Hoe ontsettend dat dit so maklik juis in die kerk gebeur dat van verskille geskille gemaak word en die liggaam van Christus weens middelmatige sake geskeur word. Van rein lippe kom mens dan nie juis iets agter nie. Tog kan almal wel saamsing en hulle lippe gebruik tot gesamentlike lofprysing.

Die HERE beloof deur Sefanja dat Hy die heidene rein lippe sal gee en dit kom omdat Hy 'n nuwe hart gee. Hierdie nuwe hart en sprankelende lewe is nie die resultaat van die goeie werk van die heidene nie maar suiwer genade van God Wat deur Sy Heilige Gees in die harte werk en so hulle lippe rein maak. God roep en skenk die geloof deur die verborge werking van die Heilige Gees wat ons lippe reinig sodat ons Hom in die gebed kan aanroep. Hulle sal ook allerlei geskenke en gawes na die HERE toe bring. Die afgodery is losgelaat nou word aan die enigste ware God ge-offer. Dit alles uit dankbaarheid vir die genade om te mag glo. Die verstrooide volk van God word teruggebring na die stad van God toe. Die oordeel wat God laat kom het , het die oorblyfsel gelouter , skoongebrand sodat daar geen rede meer is om bloedrooi van skaamte te wees oor die sondes van die verlede nie. God is die God van vergewing. Die wat oorbly sal nederige en ootmoedige mense wees wat vertrou op die HERE.

Die 1983 vertaling is in 3 : 12 beter as die ou vertaling waar ons lees van ' 'n ellendige en geringe volk' teenoor die 'nederige en ootmoedige'. Juis in ons tyd hoor ons so baie

die bewering dat God die God van die armes is asof die armes en geringes wat nie in tel is nie outomaties daarom God se geliefdes en witbroodjies is . Jou gebrek aan geld of invloed maak jou nie God se oogappel en 'n goeie mens nie. God staan aan die kant van daardie armes wat Hom ken en liefhet en gehoorsaam en op Hom vertrou dáárdeur word hulle deur Hom verhoor en gered. Die magtiges wat hoogmoedig hulle rug op God draai en die praktiese uitleef van die gebooie van God verwerp deur mense te onderdruk sal geen hulp en redding van God ontvang nie.

Alle eeue deur is getalle , is die aantal mense wat lede van die Kerk of enige vereniging is , belangrik in ons oë. Veral in ons tyd van vergoddeliking van sogenaamde 'demokrasie' want dan word net getel hoeveel mense in die meerderheid is en die res , die oorblyfsel, moet hulle skik na die grille van die meerderheid. God leer ons egter dat getalle glad nie belangrik is in Sy oë nie. Wat tel is gehoorsaamheid aan Sy ge-openbaarde wil. Dan sal dit vanselfsprekend beteken dat die massas nie by God in tel is nie. Hulle wat opstandig en hoogmoedig is word uitgeroei. Hoogmoedigheid is iets wat ook in die Kerk gevind word. Dit kan 'n gespog wees op jou christelike opvoeding , op die gedoop wees, op die lidmaat van die Gereformeerde Kerk wees en u kan maar aanvul . Deur iets dergliks die basis vir jou trots en sekerheid van redding te maak sluit jou outomaties uit van die Kerk van Christus. Daardie gespog op 'my kerk' is in elk geval hopeloos verkeerd want dit is nie my kerk nie maar die Kerk van Christus en daarin is slegs plek vir ootmoediges wat kromgebuig voel onder die las van hulle sondes , wat nederig is , so arm dat hulle niks het om as offer aan te bied nie maar met gebroke hart en verslae gees met leë hande na God vlug om in die kosbare bloed van Jesus Christus reingewas te word en dan opstaan in 'n nuwe lewe van dankbaarheid . Hierdie mense laat God as 'oorblyfsel' leef. Dit is vir ons ook tot troos in daardie dae wanneer ons met reg daarna verlang dat ons ook getalle sou hê want dit sou alles heelwat makliker maak . God wys ons daarop dat dit in elk geval nie sal gebeur nie maar Hy gaan met daardie klein Gideonsbende deur die lewe tot die laaste Dag.

Ja , ons trek nou somer die lyne deur van Sefanja na die Jongste Dag toe. Want sy profesie sny deur die eeue en gaan oor die grense van sy tyd en land. Dit is Pinksterprofesie. Nadat die volkome versoening verdien is en Christus verhoog is , word die Heilige Gees uitgestort en ontvang Jood en heiden rein lippe en 'n eendragtige skouer en kan die Here in Gees en waarheid aanbid word.

Al trek ons die lyne deur na die Laaste Dag toe moet ons natuurlik onthou dat dit allereers geslaan het op die tyd van die eerste hoorders . Dit was die tyd van die hervormings onder die seun-koning Josia . 'n Reformasie wat baie bespreking uitgelok het die vraag was in wese soos die vrae vandag. Het 'die' kerk nog 'n toekoms as in

'onnosele verkramptheid vasgehou word aan die belaglik onwetenskaplike letterlike aanvaarding van die 'heilige' Skrif of word in alle wysheid die verstandige besluit geneem om die siening op die Bybel aan te pas by die polsende verligte moderne tyd wat kan spog op 'n kennisontploffing wat alle verwagtings van nog maar net een geslag gelede verdwerg het. As ons so 'verstandig' is dan kan ons in elk geval reken op die meerderheid, die massas, die demokratiese mag.

Van ootmoed en nederigheid is dan geen sprake nie, dit is net die baarste hoogmoed en hoogmoed kom tot 'n val sê die HERE en boonop die spreekwoord ook nog.

Die massiewe meerderheid sal in die oordeel ondergaan, totaal verdwyn. Net 'n res sal oorbly. Opvallend dat nie gepraat word van die res, die oorblyfsel van Juda nie maar oor die 'wat van **Israel** oorgebly het.' Dit is al eeue na die skeuring van die ryk en uit die ballingskap kom net 'n oorblyfseltjie van die twee stamme terug en NIE uit die tien stamme nie maar die HERE noem die restantjie nog met die ou naam van Sy volk. Al is die Kerk teruggesnoei tot 'n stompie en van geen belang in die oë van die mense nie, ken die HERE daardie verarmde en berooide veragte sameraapsel van mensies as Sy volk, die gelouterde oorblyfsel. Oor hierdie veragte klompie mense word wonderlike dinge gesê en heerlike beloftes gemaak.

Netsoos die HERE geen onreg doen nie, sal die oorblyfsel ook geen onreg doen nie. Beteken dit dan nou dat die gelowiges heeltemal perfekte mense is? Natuurlik nie want dit sou dan in stryd wees met die res van die Heilige Skrif. Dit gaan volgens die oorspronklike woordgebruik daarvoor dat die oorblyfsel wel in sonde sal val maar nie in 'n gedurige herhalende sondige lewe sal vasval nie. In hierdie lewe word die mens nooit volkome volmaak nie **maar** hy moet daar wel na streef. Ons bely dit duidelik in vraag en antwoord 114 en 115 van ons Heidelbergse Kategismus. Die oorblyfsel bly sondige mense maar voer 'n aanhoudende stryd teen die duiwel, die wêreld en die eie vlees sonder om dit in eie krag te probeer maar in die krag van God. Hulle vertrou nie op hulle self nie maar net op God.

Calvyn sê dat ons met reg ons kan afvra of hierdie belofte van die profeet ooit vervul is? Daar was tog onder die klein klompie mense wat na die land teruggekeer het uit ballingskap maar 'n klein minderheid wat vroom en rein geleef het. Die meerderheid het maar weer net vir hulle eie sak geleef, met die heidene vermeng, die herbou van die tempel links laat lê, die tiendes nie vir die priesters gegee nie, in kort koud gebly vir die diens van die HERE. Die profete Haggai, Sagaria en Maleagie het hulle daarvoor gedurig verwyte gemaak. Wat beteken dan die belofte dat daar geen ongeregtheid meer sal wees nadat God Sy Kerk gereinig het nie? Die profeet praat in die vorm van vergelyking. Hy sê dat die HERE die sondes van Sy volk só sal wegwas dat hulle heiligheid daardeur beter en suiwerder gesien kan word. Natuurlik

was daar nog baie huigelaars wat gemeng was met die vromes , tog sou die ongeregtigheid nie só prominent wees dat leuens en bedrog alles sou oorheers soos in die verlede nie.

Die gereinigde volk sal 'wei en neerlê en niemand sal hulle skrikmaak nie' . Weer die pragtige skildering van die Kerk as 'n trop skape onder die veilige hoede van die Herder. 'n Verklaarder skryf dat hulle sal wei en lê in 'die groen weivelde van God se Woord en sakramente ' . Dit is so maar dit staan nie daar nie . Dit is veral met die profetiese stof van die Heilige Skrif altyd aanloklik om uitsprake te vergeestelik maar dit is gewoonlik veiliger om waar moontlik die meer letterlike betekenis vas te hou. Hier dan die werklike terugkeer na die vernietigde land en die belofte dat daar in veiligheid gewoon kan word onder die beskermende Hand van die hemelse Koning - mits natuurlik die Wet onderhou word. Die Wet waarin juis die belofte van 'n rustige en veilige lewe beloop is aan hulle wat God gehoorsaam én die verbondsdreigemente vir die wetsverbrekers.

Sef. 3 : 14 - 17 God woon by Sy volk.

Die onwankelbare sekerheid van God se beloftewoord laat die profeet sy hoorders en lesers opwek om in 'n uitbundig blye jubelsang uit te breek . Met drie name word die Kerk genoem : dogter van Sion, Israel en dogter van Jerusalem.

Die motief vir die gejubel is dat die HERE 'n einde aan die straf gemaak het. Hy is die God van vergewing wat alle sondes weggedoen het en so ook die veroordeling . In ons taalgebruik sal ons sê dat die HERE die klagstaat opgeskeur het , die HERE het as hoogste Direkteur van Vervolging besluit dat Hy nie verder met die saak wil aangaan nie. Die profeet wens die volk dus geluk asof hulle reeds die verlossing gesmaak het. Tog moes die oordeel nog kom en daarna die lange ballingskap in 'n ver en vreemde land.

Oorlog is een van God se oordele en dit is ook opgehef want Hy vee die vyande weg soos vuilgoed uit die huis uit. Dit gebeur nie as gevolg van die een of ander edik of bevelsopdrag van 'n aardse heerser nie maar dit is die werk van die Koning van Israel. Hy is in die midde van Sy Kerk , Hy is die Regeerder en Beskermer van Sy Kerk deur alle eeue heen . Daarom mag ons ook bly wees en jubel in die sekerheid van die gewaarborgde oorwinning.

Hoe gedemp is ons vreugde tog gewoonlik , hoe word dit gekniehalter deur ang. Nou beteken dit allesbehalwe om in 'n luiddrugtigheid te verval , dikwels is dit soos die ou spreekwoord sê : baie geraas maar min wol, dus baie oppervlakkige geraas maar geen diepte deur werklike Skrifkennis nie. Die een gelowige sal sy blydskap meer

uiterlik laat hoor en sien , die ander meer beheersd maar by altwee is daar die diep rustige sekerheid dat ons deur alles heen veilig by God is . Dit is totaal iets anders as die soort triomfalisme waartoe verskillende groepe ons oproep. Die triomf is gewaarborg maar is daarom nog in die toekoms , netsoos hier by Sefanja. Die sekerheid gee ons geweldig baie troos maar dit neem nie weg dat die oordeel nog sal kom en elke gelowige sal raak tot in die diepste vesels. Die ware , diep blywende geluk lê net in die feit dat God by en met ons is.

Ook in hierdie laaste deel van die profesie van Sefanja word die tyd waarin die vervulling sal kom weer vermeng ; aan die een kant 'n spoedige vervulling aan die ander kant eerder later of selfs met die Laaste Dag. Op sy beste kan ons onderskei solank ons net nie 'n skeiding maak nie. Eers dan die verwoesting , die ellende en bloedstollende swaarkry ondanks die reformasie maar daarby dan die verlossing. Opvallend is egter dat verlossing nie beteken dat sommer-so sonder-meer teruggekeer word na die ou - vertroude verlede nie . Dit wat in die verlede sondig-verkeerd was word vernietig en deur God vervang met iets wat nuut is.

Ons verlang so maklik terug na die ou-bekende en dink so maklik dat herstel beteken dat vanselfsprekend terug gegaan word na die toestand in die verlede. Die vraag is of ons ooit wel iets besef van die diepgewortelde sondige in die ou-vertroude toestand ? Eintlik is ons in ons land in hierdie tyd deur God nogal in 'n besondere posisie geplaas. Ons het in mindere of meerdere bewuste mate die ou politieke bedeling beleef en oorleef. En selfs die nuwe bedeling beleef en tot dusver oorleef. Die meeste van ons wat 'n bietjie belangstel in die lewe op die politieke en sosiale en ekonomiese gebied , het die stories oor verdrukking en onderdrukking ensovoorts ensovoorts nie met 'n knippie sout geneem nie maar met behoorlike sakke vol sout. Tog het ons begin besef dat daar in naam van die volk waarin die HERE ons geplaas het- maar nooit met toestemming van die volk nie en nog minder met morele goedkeuring - daar dinge deur individue gedoen is wat sondig was. Daarom wil ons nie 'n volledige herstel van die ou toestand nie , ons besef iets van die verkeerde daarvan.

Netso het God die ou toestand van Juda ook nie sondermeer herstel nie . Daar sou 'n nuwe heil en heerlijkheid kom . Dit is waaroor die profeet met blydschap profeteer. Die feestelike van die oproep word beklemtoon met die noem van die oorblyfsel met die ou vertroude name : Jerusalem , Sion , Israel .Die volk van die HERE word beskryf as 'n rein maagd. Later sal die apostel Paulus juis die gemeente van Christus ook so beskryf Ef 5 : 27 - "sonder vlek of rimpel of iets dergliks , heilig en onberispik."

Die profeet wat so baie ellende vir die toekoms moes profeteer en natuurlik ook daardeur tot in sy diepste geraak is , roep Sion nou op tot vreugde . Sion wat soos 'n rein maagd al hierdie heil sal beleef moet as verteenwoordigers van die hele volk

jubelend juig . Die rede vir dit alles is dat die HERE 'n einde aan die straf gemaak het en die vyande laat padgee het. Die wonderlikste is die nuus " die Here , die Koning van Israel is by jou" , Hy woon onder hulle. Dit is die grootste skat want alle sonde bring skeiding maar bekering gee 'n wonderlike vereniging. Die profete wys gedurig daarop (vgl. Jes 59: 2 ; Jer 24 :7 en 30 : 22 , 31 : 1en 33 , 32 : 38 ; Eseg 11 : 2 , 31 : 27 , 32 : 28 ; Sag 8 : 8 ; Obadja 21 maar ook in die NT o.a. 2 Kor 6 : 16 , Op 21 : 3) Daar gaan dus 'n einde aan die afgryslieke ballingskap kom met die HERE wat by hulle sal woon. Maar ons moet die lyn verder deurtrek. In die terugkeer uit die ballingskap lê ook die nuwe heil met die koms van die Messias , Die Immanuel wat beteken 'God by ons'. Want in die Christus kom God werklik na sy volk en woon Hy onder en tussen sy volk. En dan moet ons die lyn nóg verder deurtrek na die Pinksterdag toe want die uitstorting van die Heilige Gees oor alle gelowiges van alle tye is die werklikheid dat God by en in die mense woon.

Alles goed en wel maar ... het dit nie maar net by woorde gebly nie ? Hoe was die werklikheid na die ballingskap ? Dit was tog allesbehalwe 'n goeie en vreedsame tyd. Selfs volke wat bloedbande gehad het was uiters vyandig.

Ons moet elke keer weer versigtig lees en Skrif met Skrif vergelyk . Verder is bescheidenheid rondom die verklaring van die Skrif ook iets wat gerus meer gebruik mag word en dan veral met name rondom die profetiese boeke.

Uit die apokriewe boeke soos Makkabeërs (vgl daaroor my werkie oor Daniël : Gewaarborgde Oorwinning) en buite Bybelse bronne weet ons hoe bitter die Jode gely het onder die verskillende heidense verdrukkers na die terugkeer uit ballingskap. Het die profetiese Woord dan nie uitgekom nie ?

As ons vers 15 as een geheel lees dan het die HERE die straf weggeneem én die vyand laat padgee én onder hulle kom woon. Die straf van die HERE het juis deur die hand van die vyande werklikheid geword , die HERE het hulle as Sy gésel , karwats gebruik. Maar nou die skuld vereffen is staan die HERE nie meer in die vyande teenoor sy volk nie , nou woon Hy met en in Sy genade onder Sy volk. In daardie betekenis was die vyande weggevee en daarom kan die vyande nie werklike skade berokken nie. As die HERE met Sy vrede by Sy volk woon dan is daar eintlik geen vyande wat werklik skade kan aanrig nie . Ons Here Jesus het dit later so uitgedruk dat die vyande ons liggaamlik baie skade kan aandoen maar aan ons siel kan hulle net mooi niks doen nie. Die grootste ramp wat ons kan tref is om na die ewige duisternis te gaan en daardie ramp sal die kinders van die volk van God nooit tref nie. Ondertussen kan dit op aarde vir die gelowiges in wie die HERE inwoon maar bittermoeilik word en dit veel slegter as broekskeur gaan.

Die groot vraag en groot saak is dus : aan watter kant staan die HERE ? Téénoor my

en dus ook in die sigbare vyande óf: in my en is die vyande dus nie die voltrekkers van die toorn van die HERE nie maar handlangers van Satan.

Nou leef ons veral in 'n tyd waarin van 'n God wat straf nie gepraat mag word nie want die God van die Ou Testament was 'n wrede bloeddorstige woesteling met heelwat trekke van die Griekse en Romeinse gode , 'n 'hemelsbreë ' verskil van die God van die Nuwe Testament. Daardie God is die prentjie van die God = Liefde. Dit is egter duidelik uit die Skrif - en nie uit of volgens my ervaring en gevoel en wetenskaplike insig en... en .. - dat God alleen die God van liefde is vir die wat Hom liefhet en gehoorsaam en die God van toorn / wraak / woede / vergelding ens vir die wat Hom verwerp .

Daarom moet ons maar nie so maklik sê dat God nie meer soos in die ou bedeling teen Sy volk kan veg nie..

Maar in ons tekswoorde gaan dit nou tog oor die geweldige en selfs uitbundige vreugde van die HERE oor Jerusalem. Die HERE wat Koning genoem word , Hy veg en regeer , Hy is en sal by Sy volk wees.

Die HERE word ook 'n Held (krygsman in die NV) wat red genoem. Hierdie benaming lees ons verskillende kere in die Skrif(Jer 14: 19, 20 : 11) en soms afgewissel met die benaming 'bruidegom' soos in Ps 19 : 6 iemand wat stralend blink van geluk en jeugdigheid en krag. Soos 'n bruidegom bly spog-praat oor sy bruid is die HERE bly oor Jerusalem.

Die middelste gedeelte van vers 17 gee , vir 'n verandering , weer kopsorge vir vertalers en verklaarders . Maar of ons nou met die 1933 vertaling lees ' Hy swyg in sy liefde ' - wat wel ietwat snaaks is in die lig van die jubel in die vervolg van die sin - of dat ons lees ' Hy is stil-tevrede in sy liefde' of 'Hy vernuwe sy liefde' of ' Hy sal van liefde brand' - nie een van hierdie keuse uit moontlikhede doen enige afbreuk aan die grondbeginsel van die gevoel van die troue Verbondsgod vir Sy volk nie. In die heilige Skrif staan letterlik ALLES wat ons vir ons saligheid nodig het en daarvoor is daar absoluut nêrens enige onduidelikhede in die Woord nie . As daar dan 'n enkele keer 'n teksgedeelte is wat ons nie sommerso duidelik in ons taal , in ons omstandighede , in die eeu van tegniek ens. ens. kan tuisbring en verstaanbaar verklaar nie - wat maak dit dan tog saak ? Dit doen niks af aan die basiese beginsel dat die hele Skrif deur God - die - Heilige Gees ingegee is van A - Z . Ons moet tog maar bly onderskei tussen kernwaarhede en middelmatige sake . Ons moet ook maar meer paraat wees in ons verweer teen teëstanders wat ons met hulle los-tekste-teologie gedurig om die ore slaan waardeur ons so maklik weens al die teologiese doringbome die pragtige bos nie meer raaksien nie. Laat ons tog maar jaloers waak oor ons rykdom wat ons het en ons daarin verrykend verdiep pleks van om gedurig antiteties aanvallend en

verdedigend die teëstander in die stadspoort aan te vat. Veral wat die verklaring van die profetiese Bybelboeke en -dele betref is daar so'n magdom valse leer en verregaande en vergesogte onsin dat ons ons sielsmoeg en arm sal maak deur dit alles te wil weerlê - laat ons lievers die Woord eenvoudig-gelowig-biddend reg verklaar en ons verlustig in die heerlijkheid daarin - dan kry ons as 'byvoordeel' in elk geval weerlegging van die valse leer.

Die HERE is dus vol vreugdevolle liefde vir Sy bruid, Hy jubel en juig oor haar. Daarom die opwekking aan die kerkvolk om nie bang te wees en die hande in moedeloosheid te laat slap hang nie. Angs en blydskap is tog twee teenoorgesteldes, hulle kan eenvoudig nie saam gaan nie. Angs strem ook die gelowige se vreugdevolle diens aan God. Die hande moet nie in moedeloze werkloosheid slap hang nie. Die wil van God moet uitgeleef word. Ook dit het 'n tweeledige doel. God wil dat die herskape gelowige sy nuut ontvangte kragte moet gebruik (vgl Lev 19 : 2, Deut 6:4, Rom 6, Titus 2 : 12) en daardie vreugde van die geloof aan ander moet uitdeel (Gen 12 : 3, Deut 6 : 7, Jes 40 : 9; Matt 28 : 19, ens.). Daar moet geen verslapping wees in die daaglikse stryd teen die sonde nie. Geen oorgawe aan moedeloosheid weens die gedurige mislukking om geestelike hoogtes te bereik nie of 'n oorgawe aan die fluistering van die vlees dat dergelyke harde werk nie nodig is nie (Rom 7 : 18-24, 1 Kor 9 : 24 - 10 : 13, Hebr 12 : 1, ens.). Die almagtige God staan aan hulle kant om te help, in die stryd om heiligmaking (vgl Fil 1 : 6, 1 Kor 1 : 8 e.v., 10 : 13) en in hulle roeping om sending te doen Matt 28 : 20.

Sien u dat dit al duidelik is dat hierdie profesie nie net op die toekoms en óns toekoms, slaan nie? Natuurlik word dit eers volledig vervul met die wederkoms. Maar ons Here Jesus het tog gesê dat die bruilofskinders nie treur solank die Bruidegom by hulle is nie. Paulus het ook oor die huwelik en die volkome eenheid van man en vrou gesê: 'hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die Kerk'. Ef 5 : 32 Dit is tog juis hier en nou in hierdie bedeling waarin die einde al hoe nader kom dat die bruid saam met die Gees roep vir die spoedige koms van die Bruidegom. Die HERE jubel en juig - watter sterk uitroep! Dit vuur ons des te meer aan om ons geloof uit te leef. Die HERE verbly Hom nie alleen oor elke sondaar wat tot bekering kom nie maar ook en veral oor die werk van en die kerk. Hierdie nuwe lewe wat die vrug is van die lyding en dood van Sy eie Seun, ons Here Jesus Christus. Hy het die hel van die hel beleef Matt 27 : 46! Maar dit was nie verniet nie. Hy het oorwin en versoening gedoen vir al sondes van Sy kinders deur alle eeue. Nou sien Hy hoe eertydse vyande Hom dien en dit laat Hom in 'n gejubel en gejuig uitbreek. As die Drie-enige God so bly is oor die werkende Kerk kan ons dan ooit daarvoor droom om met slaphandjies in 'n hoekie weg-tekruip?

Sef 3 : 18 - 20

God lei na 'n nuwe toekoms.

Die slotwoorde van die profesie van Sefanja word veral gerig op die gelowiges wat in die so donker en van onheil swanger dae voor en na die val van Jerusalem geleef het. Maar ons sal sien dat die lyne deurgetrek moet word na ons tyd en ons omstandighede in die 'laaste dae' wat begin het met die hemelvaart van ons Verlosser en Koning Jesus Christus.

Ons ken ook die hartseer , die treur , die vernedering , die spot en smaad wat ons beleef en moet verduur. En dit alles ongelukkig nie in die laaste plek van mense wat ook christene is maar totaal ander kerklike adresse het. Daar word so maklik spottend en beskuldigend oor ons gepraat as ons nie saam wil gaan met veral die mense wat hulle 'evangeliese' christene noem. Die kerklike 'leer' en die handhawing van die kerklike tug word as absoluut onbelangrik beskou en alles word oor die boeg gegooi van 'God is liefde' en daarom moet ons mekaar in alle liefde verdra en net daarvoor praat. Tog snaaks dat van daardie 'liefde' g'n snars te sien of te hoor is as kritiek op die sogenaamde 'tradisionele' kerke gespui word nie. In ons tyd gaan dit onder andere oor die houding teenoor die nuwe Psalm'beryming'. Dit is reeds deur die ander twee Afrikaanse kerke met oop arms ontvang en dit sou nou so'n mooi gebaar van eenheid wees as die kerkverband waarin die HERE ons geplaas het dit nou ook aanvaar. Die nuwe Psalmbewerking is dan so mooi modern in taalgebruik en wysies en pas so mooi in by die moderne Skrifverklaring... In der waarheid is ons vandag weer op dieselfde vlak waarop ons voorouers in 1859 was toe onder andere weens die onskriftuurlikheid van die ingevoerde kerksang die Gereformeerde Kerk herstig moes word. Die enigste grondslag vir die beoordeling van die nuwe Psalmbewerking is die vergelyking met die Heilige Skrif. As ons dan op grond daarvan dit afwys dan is daar geen sprake van die aangaan van 'n kompromis nie.

Hoe kom ons nou hierby uit ? Juis omdat dit in die teksverse spesifiek oor die Kerk van Christus gaan. Die Kerk tydens Sefanja en in die dekades daarna kon so maklik in die grootste moedeloosheid wegsink. Want wat was daar nog oor om op te bou ? Alles wat so vertrouwd en bekend was was vernietig. Die heilige tempel , die huis van God was 'n stinkende puinhoop , die handjievol gelowiges was verslaafde ballinge in 'n vreemde land onder onbarmhartige heidense verdrukkers... het God hulle nie totaal vergeet nie ?

Die HERE belooft nou egter dat Hy hulle wat ver weg is van die fees en wat diep

bedroef daaroor treur , sal bymekaar maak. Hulle was veronderstel om as Kerk die feestelikevergadering in die huis van die HERE by te woon - daar was egter geen tempel meer nie , daar was geen feestelikheid meer nie en nog minder rede om fees te vier nie. Maar die HERE verseker Sy treurende berouvolle gelowiges dat hulle nog altyd die lidmate van Sy Kerk is en deur Hom so erken word - hulle behoort by jou ! Hulle berou was daarin te sien dat nie maar net getreur word oor die feit dat hulle so verweg gevoer was na 'n vreemde land nie maar juis getreur is omdat hulle nie meer in aanbidding saam voor die HERE kon kom nie. Die geloof breek deur in al die ellende en verdriet, die geloof wat al die hartseer oor gebrek en armoede en slawerny as van minder belang as die diens aan die HERE sien.

Dan kom die HERE groot van barmhartigheid en sê dat die bedroefdes tog by die Kerkvolk behoort , die volk wat Hy na Sy Naam genoem het. Dit raak die HERE dat daar nog 'n oorblyfsel is wat treur ter wille van die HERE en Sy Heilige Naam. Mensekinders wat smaad ter wille van Hom gely het. En dan kan die HERE ook nie stilbly sit nie. Soos 'n geweldige las druk die smaad swaar op hulle en die HERE wil nou daardie geweldige las wegneem.

Dit is 'n wonder dat Hy wat in Sy toorn Self Sy volk oorgegee het in die hand van die onbesnedenes om deur hulle ook met spot en smaad oorlaai te word , nou die kant van Sy volk kies. Die HERE gaan nou eintlik daardie smadelike las Self dra.

Laat ons 'n vinnige lyn deurtrek na ons toe . Is daar by ons nog ooit droefheid , hartseer as ons nie die feestelike vergadering van die gemeente van Jesus Christus kan bywoon ? Elke Sondag se erediens ? Ons raak so gewoond aan selfs die heiligste dinge sodat ons die rykdom van ons besit nie meer werklik ondervind nie. Natuurlik is dit logies dat 'n mens eers iets mis as dit nie meer daar is nie . Tog is dit 'n baie gevaarlike houding in die Kerk van Christus. Ons leef in 'n tyd van groot veranderings op alle gebiede en nie in die laaste plek in die kerklike lewe nie. Binne die kerkverband waarin die HERE ons geplaas het is daar ook modernistiese stromings wat die suiwere Skriftuurlike leer wil aanpas aan die vlees , by ander kerklike adresse sien ons dieselfde. Nou is dit wonderlik dat mens van baie kante hoor dat van die verontrustes hulle aansluit by gemeentes waar die kenmerke van die ware Kerk sigbaar is . Mense van buitekant sien ons rykdom en wil saam met ons feesvier maar ons self het al so gewoond geraak aan ons skatte dat die goud vir ons verdof het en daar van fees nie juis meer sprake is nie in 'n kerm-en-klaag atmosfeer. Dit moet vir ons 'n fees wees as die HERE deur Sy Woord en Gees ons bymekaar bring. Daarin word die eenheid en die gemeenskap van die Kerk sigbaar. Die Hebreërskrywer praat juis oor 'n feestelike samekoms , die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is 12 : 23.

Moet dan nie sê dat dit daar oor die verre toekoms gaan nie want uit die verband blyk dit duidelik dat dit juis gaan oor die Nuwe Testamentiese Kerk - u en ek. Die Nuwe Testamentiese vervulling is die 'hemelse Jerusalem wat vry is en ons moeder is' sê Paulus vir die Galate 4 : 26. Hoe wonderlik mooi en ryk dat die Kerk ons almal se Moeder is ! Paulus laat daarop 'n aanhaling uit Jesaja 54 :1 volg : ' Verbly jou onvrugbare wat nie kinders kon hê nie. Juig van vreugde , jy wat nooit moeder kon word nie , want die kinderlose vrou wat deur haar man verlaat is, sal meer kinders hê as die vrugbare wie se man by haar is' - sien u weer die wonderlike eenheid van die Skrif wat God ook laat jubel het in die teks wat ons tekswoorde voorafgaan ?

Die troostende HERE beloof dat Hy sal optree teen almal wat die Kerkvolk verdruk het. Daarteenoor staan dat die HERE 'die kreupeles gaan help en die verstrooides bymekaar sal maak'. Weer die wonderlik mooi tekening van die HERE as ons Herder. By die ander profete hoor ons verskillende kere dieselfde soos in Miga 4 ; 6 , 7 : 'Daardie dag sê die HERE , sal Ek dié wat kreupel is bymekaar maak, sal Ek dié wat verstrooi is , vergader , en ook dié wat Ek met rampe getref het. Ek sal die kreupeles die oorblyfsel maak, die siekes 'n sterk nasie. Ek , die HERE , sal op Sionsberg as Koning oor hulle heers , nou en vir altyd.' In sy herdersprofesie sê Esegïël 34 : 11 e.v. 'So sê die HERE my God : ' Ek sal Self my skape soek en na hulle omsien. Soos 'n Herder omsien na die kleinvee wat uit sy trop verstrooi raak, so sal Ek omsien na My kleinvee en hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is op daardie donker oordeelsdag... Ek sal Self my kleinvee se Herder wees en hulle rustig laat lê en rus. .. Ek sal dié soek wat weggeraak het, die wonde versorg van dié wat seergekry het , die swakkes help.'

Watter troos in 'n wêreld waarin die swakkes en beseerdes geen plek het en nie getel word nie. Die HERE ons hemelse Vader skryf hulle nie af nie maar reken hulle juis in as deel van die trop wat geminag en gesmaad word. En juis daardie mense sal die HERE altyd loof en prys vgl. Ps 79 : 13 Op die oomblik word hulle weens die skande van die ballingskap geminag maar dit sal verander sodat eervol oor hulle gepraat sal word oor die hele aarde. Die HERE doen dit sodat Sy heilige Naam daardeur geprys en ge-eer sal word. Dit is en bly die doel van alle verlossing - die eer en aanbidding van die HERE.

In die slotvers van hierdie klein profetiese boek kom dit weer sterk uit. Baie moderne verklaarders verwerp hierdie vers as 'n herhaling wat deur 'n oorskrywer ingevoeg is maar die klem in vers 20 lê heeltemal anders as in die vorige vers. Die klem lê hier juis op die verstrooide , uitmekaargeslane volk Juda , die julle .' In dié tyd sal Ek julle laat kom , maak Ek julle bymekaar en gee Ek aan julle roem en eer onder al die volke op aarde ; dit is die tyd wanneer Ek julle lot verander, julle sal dit met julle eie oë sien , sê

die HERE'. Hulle sal hulle eie oë skaars kan glo. Die Evangelis van die Ou Testament , Jesaja 52 : 7 sê dieselfde wanneer hy die einde van die lydenstyd vir Jerusalem aankondig : ' Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring , wat vrede aankondig , wat die goeie tyding bring , wat redding aankondig, wat vir Sion sê : 'jou God is Koning!' Hoor jou wagte roep hard , hulle jubel almal saam , want hulle sien vlak voor hulle oë dat die HERE na Sion toe terugkom.'

Die HERE verander die lot van Sy volk . Maar dit beteken nie net 'n verandering in die sigbare omstandighede nie , daar word nie maar net weer na die ou-vertroude toe teruggekeer nie . Die oorsaak van die verandering in die lot lê juis in die wegneming van die skuld omdat daar bekering , reformasie was. Geen restourasie nie maar reformasie. Verlossing weens die vernuwning wat deur God in Christus bewerk is .

Die profeet het die Goddelike openbarings gekry in die tyd toe koning Josia daadwerklik tot reformasie opgeroep het. Watter kontras . Die koning werk aan reformasie en die profeet verkondig die oordeel. Tog sluit die oproep tot reformasie die verkondiging van die oordeel nie uit nie. Aan die ander kant maak die oordeelsverkondiging die terugkeer nie onmoontlik nie. Die slotvers sê ons dat die oordeel nie die laaste woord het nie . Daar kom 'n nuwe tyd waarin God Sy volk regverdig maak en moontlikhede skep vir reformasie sodat Sy driemaal heilige Naam ewig geloof en geprys kan word.

So het die HERE die pad vir die koms van Jesus Christus oopgehou. Hy sal dit netso ook oophou vir die wederkoms van Christus.

Hieruit put ons troos in hierdie uitdagende tye waarin die HERE Here ons laat leef. Dae waarin geld :

'Omdat jy die Woord bewaar het
 van my lyde en lydsaamheid
 is Ek jou ook 'n Bewaarder
 in die uur van sware stryd
 as die tye van besoeking
 (elke mond sal dan verstom!)
 oor die aarde en sy bewoners
 in die felste smarte kom.

Ek kom gou! Hou dan bestendig
 wat My mond aan jou beloof.
 Wees net waaksaam , en laat niemand
 jou die eerkroon ooit ontroof.

Wie oorwin , hom sal'k bevestig :
as 'n suil sal hy verrys,
om daar nooit weer uit te gaan nie ,
in my God se pragpaleis. Skrifberyming 43 : 4 ,5